

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

28 Augustus 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 205 – Nommer 4



'n Brief uit Beiroet
**Getuienisse
vanuit die
puin – bl 7**

SGV: Claassen reageer op vrae oor proses

Te midde van teologiese verskille oor homoseksualiteit in die NG Kerk, is daar ook beswaar oor die proses wat gevolg is met die jongste ontwikkeling, naamlik dat leraars nou amptelik selfdegeslagverbintenisse in die NG Kerk mag voltrek.

Dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, wys daarop dat hierdie opsie nou vir leraars bestaan danksy besluite wat die Algemene Sinode tydens sy sitting in 2019 geneem het.

Die "opvolgpaneel" van 'n spesiale beraad wat vanjaar by Moreletapark gehou is, verskil egter. "n Amptenaar in diens van die Algemene Sinode het geen opdrag of bevoegdheid van die Algemene Sinode ontvang om ingevolge die Wet op Burgerlike Verbintnisse aansoek te doen vir die aanstelling van bevestigings van burgerlike verbintnisse nie," is een van die punte in 'n mediaverklaring wat dié groep in Augustus uitgereik het.

Nog 'n punt gaan oor die rol van streeksinodes: "Aansoeke by die Departement van Binnelandse Sake vir gelegitimeerdes van die NG Kerk om as huweliksbevestigings aangestel te word ingevolge die Huwelikswet (Wet 25 van 1961), geskied deur die sinodale kantore (vgl Reglement vir Beroeping, Bevestiging, Demissie en Emeritaat van Pre-

dikante, 10.9.1) en daarom behoort enige aanverwante aangeleentheid op die terrein van die streeksinodes," volgens lede van die paneel waaroor *Kerkbode* in Februarie vanjaar breedvoerig berig het.

Claassen reageer soos volg op hierdie punte: "Die vertrekpunt van die aansoek by die Departement Binnelandse Sake kan gevind word in die volgende twee besluite van die Algemene Sinode, naamlik:

- Die besluit dat leraars wat hulle weg oopsien om burgerlike verbintnisse te voltrek, dit kan doen (uit die lang besluit oor selfdegeslagverbintnisse).
- Die besluit dat die Algemene Sinode aansoek moet doen vir leraars wat hulle weg oopsien (Besluit 24).

"Verder moet uitvoering gegee word aan die volgende besluit wat by 2019 herbevestig is, naamlik: 'Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintnis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.'

"Daarom word die aansoek gedoen aan die hand van Wet 17 van 2006 (Civil Union Act) wat bepaalde eie vereistes stel asook die feit dat dit twee afsonderlike wette is wat ter sprake is en nie verwar moet word nie," aldus Claassen.

Hy meen dit moet vooraf duidelik wees dat hier 'n ander wet ter sprake is as die Huwelikswet 25 van 1961. "Die NG Kerk sou in die verlede eenmalig, heel waarskynlik as denominasie, aansoek gedoen het om haar leraars in staat te stel om volgens die Huwelikswet van 1961 huwelike te kan bevestig tussen persone van die teenoorgestelde geslag. Daarna sou die verskillende sinodes met die departement skakel om logistieke redes.

"Die huidige aansoek van die NG Kerk om haar leraars, wat hulle weg oopsien om dit te doen, in staat te stel om selfdegeslagverbintnisse te voltrek, word gedoen aan die hand van 'n ander wet, naamlik die Civil Union Act 17 van 2006 en binne die skopus van die wet, naamlik, 'the act applies to civil union partners joined in a civil union' (klousule 3 van die Wet)," het Claassen gesê.

"In gesprekke wat by meer as een geleentheid met die adjunkminister en ander amptenare van die departement gevoer is, is dit gekommunikeer dat die NG Kerk as denominasie eers moet aansoek doen alvorens predikante, wat die opsie wil uitoefen, geakkrediteer sal word om selfdegeslagverbintnisse te voltrek. Dit geskied op grond van die opskrif voor klousule 5 en klousule 5(1) van die wet," het Claassen gesê.

Só reageer lesers oor dié onderwerp op kerkbode.co.za

Alwyn du Plessis

Lees ek die opdrag aan Petrus in Handeling 16 verkeerd? Wat God rein ag mag jy nie onrein ag nie.

Hoe kan ek diskrimineer teen leraars wat Gay huwelike bevestig. Ek vra maar net.

Dirk

Ek sou graag van die Sinode se kant af wou verneem of hierdie besluit nie ook in die toekoms ALLE leraars onder 'n wetlike verpligting gaan plaas om mense van dieselfde geslag in die huwelik te bevestig nie. Dat hulle nie sodanig op grond van morele oorweging sou mag weier nie? Dit is die pad wat onlangs met amptenare van Binnelandse Sake begin is wat huweliksbevestigings is.

Fanie le Roux

Dis skrikwekkend dat ons kerk die gesag van die Skrif so klakkeloos kan afwater en mense wat dit wil handhaaf as 'n "drukgroep" beskou.

As ek die besluite van die Algemene Sinode van 2019 reg verstaan, word daar voorsiening gemaak vir gelowiges wat nie met selfdegeslaghuwelike saamstem nie. Hoe kan hulle dan as 'n "drukgroep" beskou word?

Of mis ek iets érens?

Wie is nou eintlik die "drukgroep"?

Bly of gly? Skrywer gesels oor etiek van emigrasie-besluit

LE ROUX SCHOEMAN

Dis moenie gaan oor vlug nie, waarsku Stephan Joubert oor emigrasie. By hom hoor 'n mens eerder drie woorde: roeping, droom, visie.

In 'n videopraatjie oor sy jongste boek pleit die gewilde teoloog en skrywer vir etiese eenvoud in besluitneming. "Mense wat uit geloofsbeginsels besluite neem, neem makliker beter besluite," verduidelik Joubert.

"As ek my eie salaris en stres begin beding, raak dit baie kompleks," waarsku hy. Dit hoef nie die geval te wees nie, meen hy. "Partykeer is dit eenvoudig ... Gaan ek God verheerlik, ja of nee?" Die boek, *Emigreer of bly* (Lux Verbi), het 'n vraag as subtitel: Is die gras werklik groener aan die ander kant?

In gesprek met dr Johan Smith van VitaAmp, vertel Joubert dat die boektema eintlik 'n preekvoorstel was wat eers 'n preek en daarna 'n artikel op kerk.org geword het. En nou die boek.

Die skrywer bekyk die bly-of-gly-geemoedsworsteling wat vele Suid-Afrikans oor die jare beleef het en bied insig vanuit 'n geloofshoek.

En ná die skryf van meer as 50 boeke asook verblyfservaring in drie oorsese lande (Duitsland, Nederland en Nieu-Seeland) is Joubert stellig uitstekend geplaas vir juis so 'n boek.

Hy waarsku veral sogenaamde "LSD-toeriste" om lig te loop ... Dit is naamlik "Look, see, decide"-reisigers wat Joubert meen dikwels op 'n vreemde land verliet raak sonder om te vra hoe dit voel om daar te wóon in teenstelling met om vlugtig die land as besoeker te ervaar.

"Baie keer kyk mense met die oog van 'n toeris na die land," aldus Joubert. "n Mens moet deur die oog kyk van iemand wat daar bly. In Holland het ek agtergekom die mense loop nie oor van geluk nie. In Duitsland het ek vir my sekretaresse by die Duitse universiteit gesê, jô, hoe kan ek jou help om gelukkig te wees ... ons wat hier uit ongelukkige Afrika kom."



Joubert, wat self al die slagoffer van 'n kaping was, verwys ook na bekende dryfvere uit ons land, soos misdaad. "Die een groot ding wat emigrasie gedryf het, is rou emosie en woede." Hy deel sy ervaring van hoe dit voel om verwyrt te word daarvoor dat jy die land verlaat ... én om in die buiteland kwalik geneem te word oor jy na die land terugkeer.

KYK VIDEO: Stephan Joubert (regs) in gesprek met Johan Smith oor Joubert se nuwe boek *Emigreer of bly* (Lux Verbi). 'n Video-opname van die gesprek is op Woensdag 19 Augustus op *Kerkbode* se Facebook-bladsy gepubliseer.

Duitse jonges verlaat kerk

LEOPOLD SCHOLTZ

Delft (Nederland). – Die Evangeliese Kerk van Duitsland (EKD) stroom leeg. Dit was die bekommerde boodskap wat dr Heinrich Bedford-Strohm, voorsitter van die kerk se raad, onlangs die wêreld ingestuur het.

Bedford-Strohm het die alarmligte in 'n onderhoud met die Duitse kwaliteitskoerant *Die Welt* laat flikker. Dit het ook ernstige implikasies vir die EKD se finansiële oorlewing.

Die Duitse stelsel is anders as dié in ander lande. As Duitser is jy outomaties in die bevolkingsregister as lidmaat van 'n sekere kerk ingeskryf, en word jou kerklike bydrae saam met jou belasting aan die staat van jou inkomste afgetrek.

Jy kan uittree, maar dit verg 'n aktiewe burokratiese handeling van jou kant. Dan betaal jy ook outomaties nie meer bydraes aan die kerk nie.

Dié stelsel stuit op toenemende besware by die Duitse bevolking, veral by werkende jong mense, wat óf ongelowig is óf self wil besluit hoeveel hulle tot die kerk wil bydra. Dit beteken dat steeds meer mense uit die kerk bedank – in 2019 het 'n rekordgetal van 542 000 mense uit die EKD en die Katolieke Kerk getree.

Volgens Bedford-Strohm verloor talke jong mense al tydens hulle studie of opleiding kontak met die kerk. “En as hulle dan hulle eerste salaris kry, vra hulle waarom hulle kerkbelasting moet betaal, en tree uit.”

Daar is geen landwyse statistiek vir uitrede volgens ouderdomsgroepe nie, maar volgens *Die Welt* wys 'n studie in München dat dit veral vir jong mense tussen 20 en 35 geld. Jaarliks kry die EKD en Katolieke Kerk 'n inkomste van nagenoeg

€12,7 miljard uit die kerkbelasting.

Om die grootskaalse bloeding te verminder, het Bedford-Strohm 'n praktiese voorstel gedoen: Stel die jong mense tydelik of permanent vry van hulle verpligte kerkbelasting.

Dit het nie by alle kerkleiers in goeie aarde geval nie. Die biskop van die grootste onderdeel van die EKD, dié in Hannover, Ralf Meister, het gesê hy is “skepties of veranderings aan die kerkbelastingmodel werklik iets aan die uitreegetalle sal verander”.

Luidens die berig in *Die Welt* wys 'n peiling wat die EKD al in 2014 gedoen het oor hoekom mense die kerk verlaat dat die kerkbelastingstelsel maar die sesde plek by die kerkverlaters beklee. 'n Godsdienssosioloog van die Universiteit van Münster, prof Detlef Pollack, het aan dié koerant gesê iets wat veel belangriker is, is “'n gebrek aan religieuse belangstelling, dus die ongeïnteresseerdheid teenoor die sentrale kerklike verlanke, asook 'n wantroue teenoor die kerklike instituut, waaraan mense min geloofwaardigheid toeken.”

Volgens Pollack is dit vir jong mense nie soseer geld wat belangrik is nie, maar die vraag of geloof en kerk vir hulle persoonlike betekenis het en maatskaplik relevant is.

Bedford-Strohm stem saam. Hy wys op 'n studiestuk van die EKD, *Kirche auf guten Grund*, waarin 11 beginsels behandel word waaraan die toekomstige kerk moet voldoen as hy wil oorleef. Dit sluit in openheid, vroomheid, sending, ekumene, digitalisering, kerkontwikkeling, saamhorigheid, kerkwerkers, leiding, strukture en desentralisering.

► Dr Leopold Scholtz is 'n onafhanklike joernalis wat in Nederland woon.

Megadienste ondanks Covid

John MacArthur, 'n pastoor by die Grace Community Church in voorstedelike Los Angeles en bekende skrywer, het die laaste paar weke nuushoof trekke gehaal omdat hy die reëls en regulasies met betrekking tot kerkdienste wat weens die Koronavirus-pandemie in plek gestel is, verontagsaam. MacArthur gaan voort met dienste binne die megakerkgebou waar sowat 6 000-7 000 mense na berig word op 'n slag sonder maskers en “sosiale afstand” saamtrek.

MacArthur het aan Brianna Keilar van CNN in 'n televisieonderhoud gesê dat die lidmate volwasse genoeg is om self oor hulle fisiese en geestelike gesondheid te besluit. Hy brei uit: “Dit is nie ons wat die byeenkomste orkestreer nie. Dis 'n kerk. Ons vra nie vir mense om 'n bespreking te maak om kerk toe te kom nie en ons weet nie hoeveel mense gaan kom nie. Ons gaan nie die mense buite laat staan en die deure toe hou nie ... Niemand word gedwing nie,”

het hy aan Keilar gesê.

Volgens die *Christian Post* het MacArthur die kerkgangers op Sondag 9 Augustus by die kerk se “vreedsame protesaksie” verwelkom. “Goeie more, almal. Ek is so bly om julle by die Grace Community Church se vreedsame protes te verwelkom.” Dié verwelkoming het 'n gejuig en applous van die skare ontlok. “Dit is hoekom julle hier is, dit is duidelik vir my dat julle die Woord van God liefhet,” berig die *Christian Post*.

Toe Keilar vir MacArthur vir kommentaar vra oor die statistiek van die Departement van Publieke Gesondheid van Los Angeles wat wys dat dit nie net bejaardes is wat die gevaar loop om die Koronavirus op te doen nie, het hy gesê dat hy bloot nie weet watter waarheid deur die statistiek weerspieël word nie.

Hy brei uit: “Die lidmate het op hulle eie teruggekom. Hierdie is die belangrike ding in hulle lewe en hulle het met vreugde teruggekeer en nie met vrees nie,” volgens CNN.

Bakkies ry water aan terwyl brand kerkkoepel verwoes

JACOBIE M HELENA

Boere van reg oor die distrik het hulle Maandag (17 Augustus) na die NG Kerk Burgersdorp in die Oos-Kaap gehaas om die brand te help blus wat onder meer die koepel van die gebou in puin gelê het.

“Ons het net probeer om die orrel en die kansel van die 174-jarige oue gemeente te red,” sê George Putter, voorsitter van die kerkraad en hoofouderling van die gemeente.

Daar is nie 'n brandweerdienst op die dorp nie, so hulp moes van Aliwal-Noord, wat byna 60 km van Burgersdorp af is, ontbied word. Ook inwoners het ingespring, vertel Putter: “Ons het vir hulp gevra en boere in hulle bakkies met water het hulle van alle kante na die kerkgebou gehaas om die brand te help blus.”

Die oorsaak van die brand was teen Maandagaand nog nie bekend nie. “Ons vermoed dit was 'n elektriese kortsluiting,” meen Putter. Die kenmerkende koepel het ingeval. Roet, as en stukke van die dak lê oor die kerkbanke en liturgiese ruimte versprei op die vele foto's en video's wat via sosiale media versprei is. “Daar is baie skade. Dit is hartseer, maar ons aanvaar die Here het 'n plan,” sê Putter.

'n Rokie is omstreeks 12:00 by die kerkkoepel gewaar en die vlamme is eers teen 17:00 geblus. Ds Kobus Kloppers, predikant by Burgersdorp-gemeente, was ten tyde van die voorval met vakansie by sy ouers in Port Elizabeth. Hy is op pad terug na Burgersdorp en kon nie dadelik vir kommentaar bereik word nie.



'n Brand wat glo in die koepel van die NG Kerk op Burgersdorp in die Oos-Kaap ontstaan het, het groot dele van die gebou in puin gelê ondanks pogings deur die gemeenskap om die vlamme te tem.

Foto: George Putter.



Foto: Le Roux Schoeman

Uit die Bybel

Moet jy altyd inpas by die 'kudde'?

Wat kan ons leer uit die herder wat 99 skape los en die een wat weggeraak het gaan soek? vra MARIUS MAREE.

In sy onlangse studie oor die gelykenisse, *Puzzling the parables of Jesus: Methods and interpretation*, beklemtoon Ruben Zimmermann, Duitse Nuwe-Testamentikus wat ook al by kongresse in Suid-Afrika opgetree het, die soepelheid ("flexibility") van metafore. Jesus gebruik baie metafore in sy gelykenisse – saad, suurdeeg, onkruid, voëls, blomme ensovoorts – om iets van die aard van God se koninkryk te illustreer.

Metafore speel met die verbeelding. Dit daag ons uit om verby die ooglopende te kyk. Metafore rek ons verstaanshorison. Daarom, sê Zimmermann, is daar nie net één korrekte uitleg van 'n gelykenis nie. Verskillende interpretasies is moontlik.

'n Voorbeeld is die gelykenis van die "verlore" skaap in Lukas 15:1-7. Die herder wat die 99 skape los en die een wat weggeraak het gaan soek tot hy hom kry. Zimmermann bespreek drie verskillende interpretasies van dié gelykenis en hy beklemtoon die geldigheid van elk.

● Teologies-Christologiese interpretasie – God gee om vir verlore.

Dit is waarskynlik die mees algemene uitleg van die gelykenis. Om die troos hierin raak te sien. God is die barmhartige Herder wat in Christus gekom het

om sondaars te soek en te red. Die klem val hier op God se soekende liefde vir sondaars en die blydschap oor die afgedwaalde een wat hom bekeer het en terug is by die 99. Hierdie interpretasie klop ook met die res van die gelykenisse in Lukas 15 wat elk handel oor die tema verlore/gevind/vreugde.

● Etiese interpretasie – gaan soek na die verlore.

Dié lees van die gelykenis nooi die leser om met die goeie Herder te identifiseer. Zimmermann gaan hier uitvoerig in op die slegte, onbetroubare herders in veral die Ou Testament wat nie omgee het vir God se mense nie. Die gelykenis maak dus 'n etiese appél op elke gelowige: Wees, soos God, 'n goeie herder! Gaan soek na hulle wat weggeraak het uit die geloofsgemeenskap en bring hulle terug. Reik in liefde uit na hulle wat buite staan.

Só word ons navolgers van die liefdevolle Herder. Die meeste van die kommentare wat ek geraadpleeg het, maak ook ruimte vir dié etiese strekking van ons gelykenis.

● Groep-dinamiese interpretasie – kies om weg te loop!

Zimmermann wys daarop dat die her-

der wel die "verlore" skaap soek en vind, maar dat daar geen teken van berou of sondebeseft by die verdwaalde is nie. Hy keer ook nie op eie inisiatief terug nie. Eksegete soos Animosa Oveja maak die verdere punt dat daar geen inherente samehang tussen vers 7 (blydschap oor die bekering) en die "plot" van die gelykenis is nie.

Hierdie uitleg van Lukas 15:1-7 nooi ons – verrassend! – om met die een wat weggeloopt het te identifiseer. Die "verlore" een is klaarblyklik ook die bevryde een. Jy kan kies om te breek met die groep en nuwe ruimtes te verken. Dit is hoe genaamd nie sonde of ongelooft nie. Miskien is die "tropding" net nie vir jou nie. Identiteit setel immers nie daarin om te behoort aan die groep nie, maar in wie jy as unieke mens is.

Dit is bevrydend om die gelykenis só te lees. Hierdie interpretasie skep ruimte vir individualiteit, vryheid en jouself wees. Animosa Oveja stel dit so: *While trusting in God's care, going astray can be tested, whether it be in play or in reality.*

Tegelyk ondermyn dié uitleg 'n kerktiese teologie wat neerbuigend verwy na "kerkverlaters" en "kerkloses".

Dit vra respek vir mense se keuses. En begrip vir die "outsiders". Om hulle nie as projekte vir die getuiskommissie te sien nie. God gee ons immers elkeen die ruimte om ons eie pad te loop. Jou reis is nie my reis nie en omgekeerd. Daarom ontdek die een wat weggeloopt het nuwe lewensmoontlikhede wat waarskynlik onmoontlik was, sou sy deel van die homogene groep gebly het.

Natuurlik hou onafhanklikheid van die groep risiko's in. Die veld is 'n gevaarlike plek as jy alleen is. Máár, belangrik, al is die een sonder die groep, hy is nooit sonder die Herder nie. Die Herder bly op sy spoor, want dit bly sy skaap. En 'n uiteindelijke hereniging met die groep? Dit is nie onmoontlik nie.

Dit sal ons loon om baie noukeurig oor hierdie derde interpretasie na te dink. Die kerk bly agterdogtig oor mense wat anders is. Ons praat maklik oor "heidene" en "verlorenes". Die 99 is eenvoudig nie vir ons genoeg nie. Jy moet inpas, konformeer, die 99 se waardes deel. Jy moet inkoop by die visie en die missie van die gemeente. Die 99 is die vromes, die regverdiges. Die een is die sondaar, die verlore. Dit is ons en hulle, en hulle het bekering nodig.

Ons vergeet dat die een se keuse om weg te breek nie uit ongelooft of onverskilligheid spruit nie. Dit is eerder 'n keuse om nie langer jou andersheid te ontken nie, maar te omarm.

Alleen, ja – maar nie sonder die Herder nie. Dalk is 99 tog genoeg.

► *Ds Marius Maree is leraar in Bloemfontein.*





Jaco Strydom gesels met **BOUWER BOSCH**

Passie en frustrasie

Iets wat my al dikwels opgeval het van Bouwer Bosch is hoe vriendelik hy is met die mense wat hom kritiseer. Hy kry dit reg om moeilike gesprekke op sosiale media en ander plekke aan die gang te hou, eerlik te wees en die argument voluit te voer, sonder om persoonlik te raak of die persoon wat hom beledig af te skryf.

In Suid-Afrika vandag, waar konflik dikwels die enigste vorm van kommunikasie is tussen toenemend gepolariseerde groepe, het ons meer mense nodig met hierdie gawe.

Ek en Bouwer gesels oor die feit dat dit juis nodig is om mét mense te praat van wie ons verskil, en nie net óór hulle nie. Dit is byvoorbeeld nodig om met rassiste oor rassisme te praat, met materialiste oor materialisme, met homofobe oor homofobie, met seksiste oor seksisme en met kerkmense oor wat van die kerk geword het.

Die alternatief is om net altyd in ons eie “sogenaamd onskuldige” groepies met mekaar te praat oor die mense van wie ons so vreeslik verskil – te skinder eerder as om werklik in gesprek te tree.

As ek aan Bouwer Bosch dink kom die woorde “gentle soul” by my op. Ek vra hom uit oor sy donker kant.

Sy pa is destyds letterlik in sy arms dood. Toe hy sy laaste asem uitblaas, het Bouwer hom vasgehou, sy oë uitgehuil en jammer gesê vir al die kere wat hy hom seergemaak het. “Dit was traumaties. Maar niks kon my voorberei vir hoe traumaties ’n egskending is nie,” sê hy.

’n Ander ding wat hom dikwels donker laat voel is sy liefde vir Suid-Afrika. Wat destyds met ons land gebeur het en mense se reaksie daarop vandag, is soms soos ’n gewig in sy hart. Hy voel hy moet iets doen, maar weet nie altyd watter bydrae hy kan lewer nie.

Bouwer vertel dat hy ontdek het dat hy net een mens is. Daar is komedie en kuns, sy liefde vir vreemdelinge en diversiteit, sy passie vir versoeningsgesprekke, meestal is hy ’n vriendelike ou ... maar daar is ook die Bouwer wat jaloers is en kwaad en hartseer word en soms depressief en donker is. Die uitdaging is om ook vriende te maak met die donker kant in onself.

Ek vra hom uit oor sy musiek. Waar het alles begin?

Hy vertel van sy tienerjare in Potchefstroom.

Bouwer se pa was ’n bouer. Hy was sestien toe sy pa sy werk verloor het en hulle skielik sonder ’n huis was. Hulle moes noodgedwonge by ’n ander gesin gaan bly. Die oom by wie hulle gewoon het, het vir hom ’n kitaar gegee, waarop hy sy eerste liedjie geskryf het.

“Ek het ’n dagboek gehou daai tyd,



Bouwer Bosch (regs) praat gereeld met jongmense oor die radikale idees van Jesus en die rol wat die kerk veronderstel is om te speel in ’n land soos Suid-Afrika.

was lekker emo-tiener, en ek het ’n baie slegte vel gehad, super depressed, en toe sê die oom: Vat hierdie kitaar, daai goed wat jy daar skryf, sing dit uit, skree dit uit, toonset jou woede.”

Kort daarna het sy Engelse juffrou hulle ’n taak laat doen oor Macbeth, hulle moes die verhaal uitbeeld op ’n kreatiewe manier, en toe skryf Bouwer ’n lied.

“Dit was net ek en die juffrou in die klaskamer, heavy awkward, maar toe ek my Blues-liedjie oor Macbeth sing, freak sy heeltemal uit. En toe moes ek dit voor die hele klas doen!”

Dit was Bouwer Bosch se eerste lewendige optrede voor ’n gehoor.

Die Corona-inperking stel unieke uitdagings aan musikante en ander mense in die uitvoerende kunste.

Bouwer sê hy het aan die begin gedink hy gaan tyd kry om kreatief besig te wees en voor te kom met ’n klomp goed waarvoor daar nie gewoonlik tyd is nie, maar hy het die emosionele impak van die grendeltyd onderskat.

Op die ou einde was dit tog goed op ’n ander manier. Die vreemde tyd het hom gedwing om te stop en vir ’n oomblik net op sy eie gedagtes te fokus. Hy moes weer ontdek wie Bouwer Bosch nou eintlik is sonder musiek, as die ligte af is en daar geen shows is nie. Hy het deur die jare ontdek dat dit belangriker

is om jouself te wees as om die beste te wees.

Bouwer sê dat mense met wie dit eintlik in hierdie tye besonders goed gaan, se negatiwiteit en gekerm hom soms erg ontstel. Aan die ander kant word hy ook geïnspireer deur ’n lot mooi dinge wat hy by ’n klomp mense om hom raakloop. Die mensdom het hierdie vermoë om goed te doen in moeilike tye.

“Dit kan rof gaan, ons kan allerhande uitdagings hê met mekaar, ons kan mekaar warm en verkeerd opvryf, maar ons het baie meer goed in ons as sleg. As die geleentheid vir dit vra, daag ons op en help ons mense,” sê Bouwer.

Hy is voortdurend besig om van die mees uiteenlopende mense in ons land bymekaar te bring. Hy het onlangs ’n lied geskryf: “Liefde/Love/Uthando”.

“Die song gaan oor hoe complicated ons liefde vir die land is, soos enige ander verhouding, maar ook dat daar hoop is,” sê Bouwer en vertel dat hulle in ’n dokumentêr oor die musikale projek, onderhoude gevoer het met van Xhosa-dansers tot mense wat volkspele doen. Dit verskyn einde Augustus.

Bouwer praat gereeld met jongmense oor die radikale idees van Jesus en die rol wat die kerk veronderstel is om te speel in ’n land soos Suid-Afrika.

Sy grootste droom is natuurlik dat liefde sal wen.

“Hy moes weer ontdek wie Bouwer Bosch nou eintlik is sonder musiek, as die ligte af is en daar geen shows is nie.”

Briewebladberading

Om gespanne én *stuck* te wees ... Dit is 'n stewige definisie van trauma. "Overwhelming stressors + perception of extreme powerlessness," luidens 'n studiegids wat onlangs aan die meer as 50 deelnemers aan 'n aanlynslipskool in traumaberading gebied is.

Maar, herinner die kundiges by HospiVisie die groep studente, trauma neem vele vorme aan. Van die "once off" geval, tot herhaalde trauma, van natuurlike rampe soos vloed, vuur of storm, tot die roetine-trauma waaraan sommige beroepe 'n mens blootstel. Dink maar aan paramedici, polisiebeamptes, verpleërs of gewoon inwoners van woonbuurte, landboustreke en selfs ganse lande waar bendes en misdaad 'n soort nimmereindigende skrikbe-wind voer.

Verder kan 'n mens benewens 'n direkte slagoffer van trauma ook 'n indirekte slagoffer wees. Kortom, daar is baie blootstellingspunte. Trouens, daar is min ontsnappings-roetes van trauma, veral te midde van 'n gesondheidspandemie soos dié.

Abraham Maslow het ons geleer hoe veelvuldig menslike behoeftes is en in die middel van sy bekende hiërgiese voorstelling van daardie dinge wat ons almal nodig het, lê heelwat van die goed waarvan gren-delyd 'n mens ongelukkig noodwendig ontnem: van die gebruiklike maniere waarop ons ondersteuning van ander kry en vir ander bied. Covid-19 het die *human touch* aan bande gelê.

Trauma kan dus 'n verskeidenheid van gedaantes aanneem en is soms 'n subtiele oorsaak van 'n onsubtiele gevolg in gedrag. Dit laat 'n mens dink dat berading ook vele, dalk verrassende vorme kan aanneem. Dalk kan dit van berading waar wees dat dit 'n subtiele reaksie op 'n "groot gedrag" kan wees.

In die narratiewe benadering tot terapie praat hulle soms van "problem-saturated stories" waar die gepaste reaksie eintlik maar net is om met aandag en respek te luister. Probeer oplet watter temas en dan wêreldbeskouing teenwoordig is onderliggend aan die manier waarop die vertelling gebou word.

Is dit waansinnig om te glo dat die brieweblad van 'n koerant soos dié in tye van trauma tog 'n mate van berading kan bied? Om briefskrywers se "stories" – problem-saturated of nie – te publiseer en sodoende as 't ware vir die verteller terug te lees en soos 'n empatiese luisteraar op die wieke van een aanlyn Hospi-Visie-kursus te sê: "Dit is wat ek hoor jy sê ..."

Ons brieweblad is dié week dub-beld die gewone grootte.

André Olivier

OP DIE KERKSTOEP



'Ons sal ook hierdeur kom'

Ek skryf uit die land met die oudste woestyn ter wereld. 'n Bekende skrywer van Namibië het van hierdie land gesê: "It is a harsh and arid land, but a land to be truly loved." Ons is baie lief vir hierdie harde, maar heerlike land. Hoekom, wonder jy? Die woestyn met pragtige sonsopkomste en -onder-gange, die uitgestrekte savannas, skil-deragtige tonele en skril kontraste laat jou God van naby ervaar.

Om ware kerk te wees, beteken om hier en nou te wees. Ons is kerk in hierdie harde, maar lekker land. Ons kom uit die ergste droogte sover aangeteken, is ook nou in die greep van 'n pandemie, en gevolglik midde-in 'n bedenklike ekonomie. Hierin probeer ons om, met die Here se genade, na die beste van ons vermoëns kerk te wees.

Hoe reageer die kerk op hierdie om-standighede? 'n Gesegde lui: "We shape the buildings and then the buildings shape us." God het hierdie land geskep en gevorm met sy hand en deur sy mense. Nou is die mense van hierdie land die produk van hierdie ongenaak-bare omgewing. Hulle is geslyp en ge-

vorm om gasvry en gehard te wees.

Dit is net verstommend om te sien met watter positiewiteit lidmate hierdeur gaan. Jy loop byna nooit iemand raak wat kla of mismoedig is nie. Intendeel. Daar is gewoonlik 'n glimlag op die gesig, en "ons sal ook hierdeur kom". Mense wat planne kan maak en kan aanpas.

Wat doen ons om hierdeur te kom? Gemeentes pas hulle begrotings aan en bedien lidmate deur al die verskillende media wat tot hulle beskikking is. In die boerderygemeenskappe reik mense uit met weiding en voer, help met skoolgeld en daar is soveel ander pragtige verhale. Gemeentelike insamelings word op baie kreatiewe maniere gedoen. Gemeentes en ringe reik uit na punte waar die be-diening gebrekkig is, of nie meer vol-houbaar is nie.

Wat die sinodale aktiwiteite betref is daar baie afgeskaal aan uitgawes, en selfs poste. Noodsaaklike dienste word uitgekonnekteer. Al die strategieë wat in die "oop tyd" beplan is in opdrag van die sinode, word nou geïmplimiteer binne die mandaat wat beskikbaar is, sonder dat die sinode kan vergader. Al-

les is daarop gemik om gemeentes beter by te staan, onderlinge verbande te versterk, 'n kerk van Namibië vir Namibië te wees, plaaslike opleiding te ontwikkel, gawes te betrek, en leierskap te ontwikkel in gemeentes.

Ons sinodale gebied het sy unieke karakter, en die groter soepelheid van die Algemene Sinode om dit toe te laat word verwelkom. Tog is ons verbondenheid met die breër kerklike verband vir ons kosbaar, en streef ons daarna om in soverre ons dit kan bekostig verteenwoordigers by algemene sinodale werksaamhede te hê. Ons hoop om daarmee ons beskeie bydraes te maak, maar ons sien dit veral as verrykende blootstel-ling vir ons kollegas.

Oor die algemeen geniet ons vrede en baie goeie verhoudinge tussen al die et-niese groepe. Ons leef en werk in 'n vriendelike, oop en ontvanklike gemeen-skap. Ten spyte van al die uitdagings is Namibië 'n baie Christelike land, met mense wat hulle hoop op God gevestig hou, en vir wie die kerk baie belangrik is. ► Dr André Olivier is moderator van die NG Kerk in Namibië.

Klein venstertjies op God



Die God van die eensames

Eensaamheid is 'n al groterwordende wêreldwye probleem. Dit is die gevoel van verstote wees, vergete, verwaarloos, verag, nie geliefd nie, nie aanvaar nie en opsy geskuif. Sielkundiges meen dit is die ergste vorm van lyding op aarde.

Jesus Christus kan baie goed met eensames identifiseer. Hy is immers ook verwerp, verstoot, verag, geminag en beswadder. Hy het na sy eie mense gekom en hulle het Hom nie aanvaar nie. Uit-eindelik het hulle Hom as veragte buite die stadsmure tussen mis-

dadigers laat kruisig. Die dieptepunt van Jesus se eensaamheid aan die kruis weerklank in Matteus 27:46: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Hierdie Eensame het medelye met die pyn van eensaamheid. Hy verstaan wat dit is. Hy het dit persoonlik beleef.

Deur sy kruisiging en opstanding het Jesus Christus ons as sy broers, susters en familieleden kom omhels, sodat ons nooit weer van God verlate of eensaam hoef te wees nie.

Omhels Hom in al sy liefde en aanvaarding.

– Kobus Smit Photography | www.ks-pictures.co.za

Foto geneem by die strand van Kleinbrakrivier.

28 Augustus 2020

'n Brief uit Beiroet

Getuïenisse vanuit die puin

18:07 Dinsdag, 4 Augustus 2020

Die wêreld het 'n vir 'n oomblik tot stilstand gekom. Die rook het in die verte opgestyg en 'n onrustigheid het in die vallei ingekruip. Ek het dadelik die telefoon opgetel om te hoor of almal veilig is.

'n Ontploffing. Kon dit waar wees? Net nie dit nie, asseblief Here! Ek smee U.

Vriende wat familie geword het. 'n Land wat deel van my hartklop geword het. Gebroke, in stukkies, en wat skree om hulp.

Die volgende dag bevind ek myself in die middel van die rommel wat deur die ontploffing veroorsaak is. Daar is mense wat geliefdes soek en geluide van paniek en chaos. Dit het gevoel soos 'n film. "Is hierdie 'n nagmerrie?" vra een van die vroue my. "Kan iemand my asseblief wakker maak?"

Here, waar is U? vra mense woedend, in pyn. Oorweldig en in ongeloof oor wat sopas plaasgevind het.

Tydens die chaos bevind ek myself by die voete van Jesus. Hy neem my na die storie van Lasarus. Jesus was gebroke toe Hy van Lasarus se dood hoor. Hy het langs hom gesit en gehuil. Ek kon sien hoe Jesus langsaan Libanon sit en treur vir sy mense. Sy mense wat al goed moes beleef wat geen mens moet deurgaan nie. Jesus het gekom om te troos. Hy het gekom om vir hulle te herinner dat Hy Libanon nooit in die steek sal laat nie. Hy treur saam met ons en op dieselfde oomblik sal Hy ons weer

laat opstaan. Jesus bring vir Libanon die lewende hoop dat ons weer sal opstaan. Hy sal van die as en rommelhoop alles weer nuut en mooi maak.

Ons ervaar alreeds 'n glinstering van hierdie hoop en skoonheid te midde van die as en rommel. Ons sien dit in die getuïenisse van die slagoffers wat nooit vergeet sal word nie. In die alledaagse helde wat dag en nag vrywillig werk om die stukke weer bymekaar te sit. 'n Getuïenis van drie pasgebore babas wat deur 'n verpleegster gered is wat deur puin en rommel moes klim om hulle te red. Getuïenisse van ouers en opsigters wat hulle kinders betyds gryp en skuiling neem.

Bejaardes het getuig van hoe Jesus hulle veilig gehou het, hoewel hulle hele huis verwoes is. 'n Getuïenis van 'n bejaarde vrou wat die volgende geantwoord het toe iemand vir haar sê dat Jesus gedurende hierdie tyd by haar is: "Natuurlik is Hy hier. Hy was by my toe dit gebeur het. Waar anders sou Hy wees?" 'n Volk wat saamstaan en mekaar ondersteun op maniere wat ek nie eens gedink het dit menslik moontlik is nie – ongeag al hulle verskille. Die jeug inspireer en step up in 'n tyd soos hierdie!

18:07 Dinsdag, 4 Augustus 2020

Ons sal nooit hierdie oomblik vergeet nie. En dit het nie met die aanvanklike ontploffing gestop nie. Tesame met die ongeloof van die ontploffing, is daar tans ongelooflik

baie woede in Libanon. Teenoor God, maar veral woede teenoor die regering oor wat gebeur het. Die ontploffing was die vonk wat die opgeboude woede van die mense laat vlamvat het. Dit was 'n opbou van woede oor wat die land die afgelope jare en maande moes deurmaak. Mense is gebroke. Mense wil weet waar God is? Die gevolge van die ontploffing is onbeskryflik, maar een ding is seker: God is met ons. Die Libanese is geboelie en gebreek.

Maar hierdie hartsmense, passievol en onbeskryflik sterk, sal weer opstaan.

Twee weke later wil ek wegstroom van die ekstreme van totale wanhoop aan die een kant en om te moet sterk wees omdat ek 'n gelowige is aan die ander kant. Ek word in hierdie tyd geroep om net soos Jesus in die oomblik te rou vir Libanon en vir die mense.

Die absolute gebrokenheid wat 'n mens hier sien, kan ek nie met woorde beskryf nie.

Bid asseblief vir genesing en herstel oor hierdie land. Mag God die rots, vesting en verlosser van Libanon wees. Mag Libanon opstaan soos 'n hert op die bergtoppe wat die soewereiniteit van God te midde van die hartseer uitroep. Amen.

► Madelein Geldenhuys het haar teologiese studies by die Universiteit Stellenbosch voltooi, is proponent in die NG Kerk en werk tans by 'n Christelike NRO in Libanon wat hoofsaaklik fokus op die verligting van nood onder Siriese vlugtelinge, maar wat ook betrokke is by ander nood in Libanon.

“Hierdie hartsmense, passievol en onbeskryflik sterk, sal weer opstaan.”



NUWE
stemme

'n Oop hart gevorm agter 'n geslote deur

TOIT WESSELS

Is die deur gesluit? Dit is een van die laaste vrae wat my vrou vir my vra voordat ons saans gaan slaap. Ek staan gewoonlik dan maar op, en gaan voel weer aan die voordeur, en die agterdeur, en kyk of al die vensters toe is. Ek vermoed dit is 'n ritueel vir baie huisgesinne in Suid-Afrika. Ek hoor van al hoe meer individue wat soek na hoë veiligheidsheininge, 24 uur-sekuri-teit, kwaai honde, paniekknoppies en noodgroepe op WhatsApp. Dit is dikwels agter geslote deure wat ons veilig voel, kan wegkruip, onself kan wees of

soms net rus.

Om te vra of die deur gesluit is, is egter nie 'n vreemde vraag nie. Ons lees in Johannes 20:19 dat die dissipels ook agter 'n geslote deur bymekaargekom het. Hulle was bang. Bang vir die Jode wat in die nag kon inkom. Hulle was bang, want hulle het geweet hulle word ook geteiken. Maar toe gebeur die wonderlike ding. Jesus kom staan ten spyte van hulle vrees, in die middel van die vertrek en sê vir hulle meer as een keer: "Vrede vir julle!" En so word hulle herinner aan daardie EEN Persoon wat geslote deure nie kan buite hou nie.

Ferdinand Deist skryf in sy boek *Nagdissipels* die volgende: "Geloof is nie 'n vrees-aksie nie, dit is 'n vaste vertroue. Moed het 'n mens uit jouself. Vertroue het jy in iemand. En dit is juis die vertroue in iemand wat maak dat jy kalmte kan ervaar om te doen wat gedoen moet word."

Met die afgelope paar maande waar baie geloofsgemeenskappe se kerkdeure ook gesluit is, is dit dalk juis die geleentheid om God agter ons eie huis se geslote deure te ontmoet. Die Bybel praat mos van ontmoetings met God vanuit ons elkeen se "binnekamer". In die bin-

nekamer waar intieme verhoudings groei. God ontmoet ons ook agter geslote deure. 'n Oop hart word dikwels eers gevorm agter 'n geslote deur.

Dit was aand, en dit was môre ... 'n nuwe dag. Dan is dit tyd vir opstaan, oopsluit en uitgaan. Ons is mos gemaak om mense van die lig te wees en nie in die donker te wandel nie. Vir eers wonder ek net vandag, wie staan in die midelpunt van jou vertrek agter die geslote deur? Kan jy soos die dissipels Hom hoor, sien en voel?

► Ds Toit Wessels is 'n leraar by die Agter-Paarl Geloofsgemeenskap.

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en kliek op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Die boer en sy plaas

Jannie van Eeden van Die Oog Af-treelandgoed skryf:

Die honde blaf by die elektriese omheining. Ons almal in die huis raak gespanne en bang. Al die ligte is af in die huis. Ons loer deur die gordyne, maar sien niks. Ons hart bons teen ons ribbes. Is dit nou ons beurt vanaand? Gaan die aanvallers dalk van die ander kant van die huis kom omdat die honde hierdie kant besig gehou word? Pa moet sê wat nou. Almal gou in die een kamer en Pa moet buite gaan kyk. Maar is hy veilig? Sê nou maar daar is tien van hulle en gewapen? Wat kan hy doen teen so 'n oormag? Buurtwag, polisie. Teen die tyd dat hulle hier kom is dit klaar 'n

bloedbad.

Elke aand is die spreiligte, alarm en elektriese omheining aan. Ons slaap lig, soms half wakker, opgeskerp en ons luister vir die geringste geluidjie wat 'n aanval kan wees. Dan slaap ons weer, maar daar is dit weer: dieselfde geluid. Staan op en probeer agterkom wat dit is. Die honde is stil. Dalk al vergiftig, dood? Die draadheining gaan af. Wat kan dit wees? Sit maar weer af, dit is net takke. Dan lui die foon. Plaasaanval 5 km weg. Pa moet gaan, hy is by die buurtwag. Gryp wapens, borsharnas, en moet inderhaas ry om te gaan help. Vrou, kinders en gelukkig gaste moet alleen agterbly. Is dit 'n vals alarm / boodskap? Wat van ons wat agterbly?

As hulle dit weet!

Hoe baie boere moet uitgaan op patrollie? Pompe, kables (R80 000) en masjiene word gesteel. Derduisende rande is weg. Bedags moet die hekke oop, want daar is baie bedrywigheid op die plaas. Alles moet "loop" en daar is nie tyd vir hekke oop en toe nie. Die spilpunte, loop hulle nog, is die druk nog reg? Is die verstelling vir die mengsel van kunsmis en water nog reg? Dan breek die trekker, die waterverwarmer se pyp lek en die element het gebreek. Dorp toe 13 km ver, anders is daar nie warm water in die winter nie. Alles eers sluit, nee, alles moet loop en moet gekontroleer word of dit op skedule is. Terug,

kragonderbreking, spilpunt staan. Bakkie se wiel pap. Die son loop en die pompe moet loop, net eers weer instel. Landerye van ertjies, hawer en mielies moet oes oplewer, want net een land van ertjies (120 ton) kan nie verlore gaan nie. Soveel mense gaan dit nie kry nie.

Vanaand is dit oueraand en ons weet nie wat by die huis op ons wag nie. Sê nou ... Ons bid en vertrou dat die Here ons sal beskerm, maar ons moet ook paraat wees, opmerkzaam en bepaalde aksies volg. Almal van ons, die hele gesin. En tog, as dit gebeur, weet ons die Here sal ons daardeur dra en voorsien.

Kom ons bid saam ...

Dalk is dit tyd om nou 'missionaal' kerk te wees?

Ds Mias Nortier van Laingsburg skryf:

COVID-19 het vele realiteite ontbloot. Byna elke dag lees ons in die media van grootskaalse korrupsie, ongelykheid en 'n moedeloosheid onder die gewone persoon op straat. Dit was nog altyd daar, nou word dit net al hoe meer ontbloot.

Die kerk in die RSA is ook redelik onkant gevang deur die nuwe realiteit. Wat sou die gewone mens op straat antwoord op die vraag: "Is die kerk nog enigsins relevant?" Ek self het al by verskeie geleenthede, soos vergaderings en eredienste, die vraag aan die gemeente gevra: "Wat sou gebeur as die kerk se deure eendag sluit? Sal die gemeenskap die kerk enigsins mis?" En daar gebeur dit toe, aan die einde van Maart 2020.

In teologiese kringe is daar vir die afgelope drie dekades baie geskryf en gedebateer oor wat dit beteken om 'missionaal' te wees. Die vele realiteite wat COVID-19 kom ontbloot het, skep geleenthede vir die kerk om te begin om werklik 'missionaal' te wees in die plaaslike gemeenskappe.

Dit is egter moeiliker gesê as gedoen. 'Missionale' teologie klink mooi en goed, maar waarom vind dit werklik min gestalte binne plaaslike gemeentes?

Die roeping om werklik missionaal te wees is nou sterker as ooit. Die kerk het 'n groot taak en verantwoordelikheid om Christus se beliggaming te word in elke plaaslike gemeenskap. Nie net in teorie nie, maar ook in praktyk.

My noodkreet is dat verskillende kerke al hoe meer begin saamwerk op plaaslike vlak om die basiese roeping van die kerk van Christus uit te leef. Mense is geestelik maar ook fisies honger. Mense is geestelik maar ook fisies moedeloos. Die vroeë kerk het juis hierdie sake aangespreek en op voetsoolvlak 'n positiewe verskil gemaak. Plaaslike gemeentes benodig egter die netwerke van groter besighede en NRO's om volhoubare hoop te bring in plaaslike gemeenskappe. Ons kan nie vir altyd net wag vir kospakkies uitdeel nie, ons moet mekaar bemagtig om self daardie kossies te produseer en te versprei.

Toilette: Kan die kerk nie help nie?

Frank Ehmke van Nelspruit skryf:

Die COVID-19-pandemie en -grensdelyd het die skokkende toestand van toilette in arm plattelandse skole op die agtergrond geskuif, maar die tragedie is steeds daar. Hierdie "toilette", waar hulle wel bestaan, is meestal gevaarlike vuil puttoilette (long-

drops). Verskeie kinders het al in die riool geval en aaklig verdrink. Populistiese politici, soos o.a. Julius Malema, dring daarop aan dat elke skool spoeltoilette en wasbakke moet hê.

Die regering het egter eenvoudig nie geld daarvoor nie. Boonop het die meeste van hierdie plattelandse skole nie aangelegde water nie. Die arme kinders sit maar in die veld agter 'n bos of miershoop en gebruik daarna 'n klip of gras vir toiletpapier. Hande word gewas met water uit 'n koeldrankbottel wat saamgebring word.

Daar moet eenvoudig iets aan die situasie gedoen word. Dit laat 'n mens skuldig voel. Ek glo Matteus 25:40 is hier van toepassing: "Sover julle dit aan die geringstes gedoen het, het julle dit aan My gedoen".

Die meeste ouer mense het met die emmerstelsel saamgeleef. Vandag nog is daar verskeie plattelandse dorpie waar dié stelsel steeds goed werk. In talle townships bestaan die stelsel uit noodsaak steeds. Ekself het jare lank op 'n Karoodorpie gebly waar die stelsel gebruik is. Destyds is chloor en 'n dennegeur-poeier in die toilet gegooi wat dit feitlik reukloos gemaak het.

Kan die kerk en ook skarefinansiering op sosiale media nie geld insamel om toilette vir hierdie arm skole te bou nie? As een miljoen mense elkeen net R10 bydra kan 'n klompie skole van emmertoeilette voorsien word.

Weet julle nie wat in die Bybel aangaan nie?

JP Avenant van Montagu skryf:

Ek is 'n meelewende NG Kerklidmaat van Montagu.

Vandag is ek teleurgesteld, verward, kwaad en geskok. Julle besluit om namens leraars aansoek te doen vir die bevestiging van homoseksuele persone in 'n "verbintenis" is skokkend! Hoe kan julle dit doen sonder hulle toestemming? Ek kan nie anders as om my pen op te tel nie.

Die Woord sê die linkerhand moet nie weet wat die regterhand doen nie, maar ek wil vandag vir die eerste keer noem dat ek hard gewerk het om bydraes aan die NG Kerk te maak. Ek het vir Askham/ Noenieput in die jare tagtig, 'n lorrievrag (653) diere bemark. In die jaar 1956 was ek 'n jong seun toe die kerk daar deur 'n Hollander Van Altena gebou is. In my lewe het ek etlike predikante se salarisse betaal, predikante finansiële gehelp om hulle kinders deur universiteit te kry.

Op grondvlak het ons as gemeentes hard gewerk by basars en insamelings om kerke in stand te hou en nou kom julle verheue groep (die sinode) en breek af, veroorsaak verdeeldheid, verwarring en maak goeie werk wat predikante met baie liefde, tyd en energie doen, tot niet om mense van dieselfde geslag te trou.



KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Jeanne van Niekerk
E-pos: jeanne@tydskrifte.co.za
Tel (Kantoorure): 021 864 8252
Intekenare/gemeentenavre:
Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman
leroux@kerkbode.co.za
Tel 021 864 8247

Joernalis: Jacobie M Helena
Tel 072 828 9760
E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small
E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za
Kleinadvertensies en amptelike nuus:
Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemarring:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231



Lyk my nie julle weet wat in die Bybel aangaan nie? Julle laat God se gesig in skaamte sak. Julle maak van die waarheid en Wil van God 'n bespotting. Die beste wat julle nou kan doen, is om te ontbind ons predikante op grondvlak, wat slimmer is en nou saamwerk met die gemeente, hulle werk te laat doen. Dan hoef hulle nie voortdurend julle gemors dood te vee en tyd te mors oor julle waansinnige uitlatings en besluite nie!

Die huwelik wat deur God ingestel is, is tussen 1 man en 1 vrou. Nou is julle so lafhartig om nie eens die woord "huwelik" te gebruik nie, maar 'n mooi woordjie soos "verbintenisse" daarvoor te kry.

Dit is vir my moeilik en 'n groot besluit om my lidmaatskap op te hef by die NG Kerk, maar ek mag volgens die Woord van God in Romeine 1:32 ook nie hierdie gedrag goedkeur nie. My predikant het my probeer oortuig om nie vandag my lidmaatskap op te sê nie. Hier moet hy weer tyd en energie spandeer wat hy baie beter in ons gemeente kon spandeer. As julle net wil besef hoeveel skade julle aanrig! Die vloekwoorde en slegsê wat ek oor my lippe geopper het, laat my dink julle is so verwaand.

Hoekom het hierdie besluit so lank geneem? In 1986 is die besluit deur die NG Kerk sinode geneem dat homoseksualiteit as 'n afwykende praktyk gesien word. Dan is daarna deur die jare gekarring en getorring aan hierdie beleid. Waarom nou die evolusie? Ek sien dit as 'n gebrek aan standpunt en dat ons hier sit met 'n klomp ruggraatlose mense.

As julle net wil besef hoeveel skade julle die breë NG Kerk aandoen. Julle praat namens julleself en neem besluite wat nie op die Woord gebaseer is nie!

Ek gaan julle nie groet nie. Net sê: Wees gewaarsku, julle gaan die NG Kerk op sy knieë kry. Julle besluite wat geneem word om polities korrek te wees gaan 'n skeuring en verdeeldheid in die kerk veroorsaak.

Dit veroorsaak reeds groot verwarring in tye waarin ons nodig het om veilig te voel in ons kerk. Het julle vergeet ons is in die midde van 'n Covid-19-pandemie? Het julle regtig soveel tyd om verdeeldheid, verwarring en tweespalt verder te saai? Is julle werk nie die opbou van God se Koninkryk nie?

Ek wens my kerk hier op Montagu kon wegbreek en op sy eie funksioneer. Ek kry predikante jammer wat alles in hulle vermoë doen om die gemeentes onder baie moeilike omstandighede te probeer bedien.

**Besoek gerus
kerkbode.co.za
vir nog lesersbydraes.**

SGV: 'Gevaarlike miskennings van sonde'

**Dr Bennie Marais van die NG Kerk
Charl Cilliers skryf:**

Daar is geen twyfel onder gemeentede en die kerkraad van die NG gemeente Charl Cilliers (dolerend) nie dat die Algemene Sinodale Moderamen (ASM) behoudende lidmate en gemeentes uitverkoop het in hulle onlangse aansoek by die Departement van Binnelandse Sake om goedkeuring namens die NG Kerk te bekom vir leraars wat selfdegeslagverbintenisse wil voltrek.

Hierdie optrede het ongelukkig die AS midde in die arena geplaas wat duidelik aantoon dat paragraaf 3 van die goedgekeurde notule (Beskrywingspunt B.12) tydens die AS 2019, wat lui "Die sinode is verbind tot 'n voortgaande en nederige diepe luister na mekaar, met respek vir mekaar se uiteenlopende benaderings, Skrifhantering en hermeneutiek" bloot lippetaal is en geensins deur die AS of ASM toegepas sal word nie.

Daar is duidelik 'n voorkeur ten gunste van die sogenaamde pro-gay

proponente van die gesprek by die ASM.

Ons gemeente is ook, na 'n versoek tot 'n buitengewone Hoëveld Sinode, per brief gedateer 13 Desember 2019 deur die SDK van die Hoëveld Sinode in kennis gestel: "Die SDK het ook besluit om in oorleg met die Taakspan wat die ASM in ooreenstemming met punt 9 van die genoemde besluit van die Algemene Sinode, saamgestel het, met die kerkraad oor die besluite in gesprek te tree". Geen sodanige gesprek is tot op datum (bykans agt maande later) geïnisieer nie en dit blyk dat hierdie slegs 'n vertragingstaktiek van die SDK was met geen eerlike voorneme om in sodanige gesprek te tree nie.

Ons as gemeente se slagspreuk is reeds vir baie jare "Siele wen vir Christus" en daarom kan ons nie stilbly en so meewerk dat persone mislei word deur dwaalleraars en so ontnem word van die heerlikheid van die Ewige Lewe nie.

Die miskennings van die AS en Hoë-

veld Sinode van selfdegeslagverhoudings as sonde is gevaarlik en kan lei tot die veroordeling van onskuldige mense tot die ewige hel.

Die dolerende gemeente van Charl Cilliers distansieer hulle in die sterkste moontlike vorm van die 2019 AS-besluit aangaande selfdegeslagverhoudings. Ons as gemeente glo in 2 Timoteus 3:16: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer". Ons onderskryf ook die verskeie gedeeltes waarin die Bybel hom uitspreek teen homoseksualiteit (en enige ander sonde) as sondig en dat dit as sonde bely moet word alvorens die genade van Jesus Christus se kruisdood tot verlossing van enige sondaar kan lei.

Die kerkraad het reeds hulle besluit van onttrekking van alle sinodale en ringsbydraes en van alle aktiwiteite van die Hoëveld Sinode geïmplementeer en moedig ander gemeentes aan om ook hierdie drastiese stappe te neem ten einde die AS te dwing om tot die Bybel terug te keer.

Brief verkort – Red.

Kort ons 'n sinode soos Dordt?

Johan van Noordwes skryf:

Weereens word die homoseksualiteitsdebat op die voorgrond geplaas. Die kommentare op die artikels en briewe is uiteenlopend van aard, maar die inhoud van die kommentare spreek boekdele oor die stand van die NG Kerk. Die kerk word in verskillende rigtings getrek, sommige reglynig teenoor mekaar, ander semi-in-dieselfde-richting. Ons kort rigting. Ons kort duidelikheid. Om te sê ons is vasgeloop is nie goed genoeg nie. Die interne wedersprekigheid is onuithoudbaar.

Voor die Sinode van Dordt was die kerk in 'n soortgelyke situasie. Arminianisme was besig om verdeeldheid in die kerk te saai. Daar is 180 vergaderings gehou om dié teologie teenoor die Skrif te toets en die uiteinde was (wat vandag bekendstaan as) die Dordtse Leerreëls.

Ons kort so 'n sinode. Maar voor so 'n sinode enigsins suksesvol kan wees, sal daar oor die basiese beginsels van bespreking ooreengekom moet word.

Ek haal kommentare op die artikel "SGV: Bepestigings mag nou voortgaan" in *Kerkbode* van 14 Augustus aan ter illustrasie:

1. "Dit is myns insiens jammer dat die gesprek oor teologie as wetenskap en die plek en status van ander wetenskappe in hulle onderlinge verbande, nie al verder oopgemaak, verwelkom en interdisipliner verder gevoer is as almal dissiplines wat verskillend fokus, maar gelyke status voor God en mens geniet, of behoort te geniet nie. Tegnies en eties behoort alle dissiplines m.i. die beste vir die skepping (geregtigheid) na te streef."

Behoort die Woord van God op gelyke status met ander wetenskappe gehanteer te word? Ek stel hierteenoor die eerste sin van artikel 1 van die NG Kerk se Kerkorde: "Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die Heilige en onfeilbare Woord van God." Ook uit punt 29 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis: "Wat die valse kerk betref, dit skryf

aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God." 2. "Vir hoe lank moet hierdie onsinnige debat en verskille nog voortduur?! Kromosome X & Y, as ek dit reg het, is reeds in die menslike gene ingeplant, lees Eksodus 6. Mense wat gebore is as 'n man, maar die chromosome van 'n vrou het, is oorweldigend, kan nie anders nie! Hy is so gebore!"

Daarteenoor haal ek aan uit die Heidelbergse Kategismus: "Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan? Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys (a). Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word."

Ons praat verby mekaar as ons die oorsprong van ons argumente nie op dieselfde fondament bou nie. Die kerk moet besin oor haar fondament en dan daarop staan.

Groete in Christus.

SGV: 'Piper het wysheid hieroor'

Chris Visser skryf:

Die akuele uitdaging van homoseksualiteit en die vasgelooptheid waarin die NG Kerk hom tans bevind, verwys.

Ek lees onlangs John Piper se boek hieroor. (Luister gerus ook na sy twee

preke oor Romeine 1). Hulle het jare terug reeds die uitdaging moes hanteer wat ons vandag mee vasgeloop sit. Dalk moet ons die debat weg van ons persone vat en mekaar uitdaag om na iemand soos Piper te luister.

Hy beïndruk 'n mens geweldig met

sy klem om God se eer en heerlikheid bo alles te stel.

Verder gee hy Bybelse praktiese riglyne aan mense wat hiermee worstel, aan ouers en familie en aan die kerk. Kom ons leer daaruit ter wille van die eer van God bo alles.

Kategese produkte vir Senior fase

Real lewe-reeks

Lewe met geloof wat real is

Die *Real lewe*-reeks sal jou neem op 'n reis na geloof wat real is. Jy sal ontdek wat dit in vandag se lewe beteken om 'n volgeling van Jesus te wees. Elke gespreksgids bestaan uit 29 ontmoetings wat aan jou geloof diepte sal gee, wat jou sal help om die uitdagings van die lewe suksesvol aan te pak en vanuit jou verhouding met die Here te leef.

Die leiersgids bevat omvattende riglyne vir die aanbieders om die ontmoetings te lei.

Alle elektroniese hulpmiddels en bykomende agtergrondinligting vir die aanbieders en jongmense is op die *Real lewe*-app beskikbaar.



Real lewe #1 – Aangeraak deur God Gespreksgids

R75,00

Leiersgids

R150,00

Real lewe #2 – Ingenooi deur God Gespreksgids

R75,00

Leiersgids

R150,00

Real lewe #3 – Op reis met God Gespreksgids

R75,00

Leiersgids

R150,00

Real lewe #4 – Omarm deur God Gespreksgids

R75,00


Leiersgids

R150,00

Stimuleer gesprek en geloofsvorming by jongmense Senior Kategese

'n Reeks in 'n siklus van vier jaar

Hierdie reeks bestaan uit vier produkte wat elk bestaan uit 'n gespreksgids en 'n DVD/CD. Elke ontmoeting stimuleer gesprek en geloofsvorming tydens die interaksie tussen die groepleier en jongmense. Die DVD/CD bied ekstra inligting en hulpmiddels wat tydens die ontmoetings gebruik kan word.



GPS vir my lewe Gespreksgids

'n Werkboek waarin jongmense hulle gedagtes kan neerskryf oor wat hulle alles vir hulle geestelike reis nodig het. Die 24 ontmoetings gee aan jongmense 'n paar rigtingwysers om tydens hulle reis te gebruik.

GPS vir my lewe Handleiding



JPEG – Prente vir die lewe Gespreksgids

Hierdie ontmoetings help die jongmense om hulle prent (jpeg) van God te voltooi met prente (belewensse en ervarings) uit die Bybel, uit die geskiedenis en uit hulle eie lewe. Hulle ontdek dat die Here deel wil wees van die jpeg van hulle lewe.

JPEG – Prente vir die lewe Handleiding



Facebook – Vriende van God Gespreksgids

Ons elkeen het 'n profile, of dit nou is soos ons vriende ons elke dag sien, en of dit ons profile is wat ons op Facebook sit ... Geloof is om te leef volgens die profile wat jy van God ontvang het. Hierdie 24 ontmoetings gaan oor karakters in die Bybel se profiles om jongmense te help om ook vriende van God te word.

Facebook – Vriende van God Handleiding



Die Weg – Die reis saam met God Gespreksgids

Die jongmense kyk na verskillende en uiteenlopende Bybelkarakters en hulle reise met God. Baie se reis het hulle op ompaie, alternatiewe paaië, kruispaaië en oorgrens paaië geneem. God was egter by elkeen tydens hulle reis. God maak elke lewensreis spesiaal.

Die Weg – Die reis saam met God Handleiding

Gespreksgidse: **R65,00 elk** | Handleidings: **R140,00 elk**

Inhoud van handleidings: 24 volledige uitgewerkte ontmoetings, PowerPoint-aanbiedings en videosnitte wat by die ontmoetings gebruik kan word.

Kategese produkte vir Belydenisklas

Ontmoetings om jongmense te help om God te leer ken en lief te hê

Belydenis van geloof vir mense van enige ouderdom



Altyd daar Gespreksgids

22 ontmoetings vir finalejaarkatkinsante wat verhale en stories gebruik om hulle te help om God te leer ken en die Here elke dag in hulle lewe raak te sien. Deur die verhale en stories en die vrae oor hoe dit hulle raak, help die skrywers die jongmense om die Bybel nuut te hoor en God nuut te sien.



Altyd daar Leiersgids

'n Leiersgids met 22 ontmoetings vir finalejaarkatkinsante.

R150,00



G8 - Verwoord en leef wat jy glo

G8 bevat 8 gesprekke wat voor belydenisaflegging gevoer kan word. Die gedagte agter die 8 G's - Geloof, Gebed, Geboorte, Genadetekens, Godheid, Gawes van die Gees, Gemeenskap en Groot opdrag - is om die basiese leer van die kerk eenvoudig saam te vat. Hierdie ontmoetings stel jou in staat om jou geloof werklik te verstaan en dit prakties uit te leef.

Die G8-pakket sluit in:

- 'n Werkboek vir jongmense/volwasseenes

R75,00

- 'n DVD met die handleiding vir die aanbieder, videosnitte, hulpmiddels en 'n kampgids

R150,00

1 TOT 9 boeke: R110,00 elk
10 OF MEER boeke: R95,00 elk

HUISGELOOF-reeks

'n Reeks wat ouers en kinders help om saam in hulle geloof te groei



Huisgeloof 1 - Ons huis oefen Families glo saam

Die eerste boek in hierdie reeks wat ouers bemaagtig om saam met hulle kinders in hulle geloof te groei. Die praktiese wenke in hierdie boek help gesinne om hierdie 9 geloofsgewoontes in te oefen en deel van hulle alledaagse lewe te maak, om God se teenwoordigheid in hulle daaglikse lewe raak te sien en dit met mekaar te deel.

R80,00



Huisgeloof 2 - Ons huis vier Families ontdek saam

Die 9 geloofsmomente in hierdie boek help families om hulle geloof te verstaan en herinner hulle om die belangrike ervarings tydens hulle lewensreis te vier. Dit help hulle om die gewoonte te vestig om te midde van die alledaagse lewensgebeure God se nabyheid raak te sien en te vier. En dit herinner families dat God saam met hulle op hulle lewenspad stap.

R80,00



Huisgeloof 3 - Ons huis onthou Families vier saam

Hierdie boek vertel vir gesinne meer oor die agtergrond, betekenis, kleure en simbole van elke seisoen of fees wat deel van die Kerkjaar vorm. Die 9 Kerkjaar-aktiwiteite help gesinne om 'n ritme aan hulle geloofsvorming te gee en bewus te bly van God se nabyheid. Wanneer ons die Kerkjaarseisoene en -feeste saam vier, daarvoor gesels en 'n ritueel of aktiwiteit daaraan koppel, raak ons opnuut bewus van God se reis met ons en ons kyk met ander oë na die wêreld.

R95,00

NUUT!

BM
Bybel-Media

Direkte bestellings:
bestel@bmedia.co.za

Deeloproepe:
0860 26 33 42

E-aankope:
www.bybelmedia.org.za



Studente gesels oor geloof, hoop en maatskaplike werk

'Geroep om te dien'

Hoe voel die maatskaplike werkers van môre oor die probleme van vandag? Wat motiveer hulle en speel geloof 'n rol in hulle loopbaankeuse? **Kerkbode** het met sewe studente aan Hugenote Kollege op Wellington gesels waar hulle besig is met 'n Baccalaureus in Maatskaplike werk.

Zaneta Erasmus



“Ek het 'n groot passie vir kinders, vroue en geestesgesondheid. Ek het 'n dansagtergrond en is 'n gekwalifiseerde dansonderwyseres en wil graag beweging kombineer met terapie in die toekoms.”

Kerkbode: Hoe sou jy jou roeping vir maatskaplike werk beskryf?

“Ek het 'n paar jaar gelede as au pair vir 'n familie hier in Suid-Afrika gewerk. Die familie het bestaan uit 'n ma, ouma en 'n 6-jarige dogtertjie. Die ma is gedurende my tyd met die familie, met kanker gediagnoseer. Sy is uiteindelik oorlede en die gesin het besluit om na Australië terug te keer. Ek het die impak van trauma op 'n gesin beleef en was vir hulle gedurende hierdie tyd 'n steunpilaar. Ek het besef dat dit is wat ek wil doen, mense ondersteun, leiding gee waar nodig en dalk net help om omstandighede 'n bietjie ligter te maak waar ek kan.”

KB: Watter maatskaplike probleem sou jy sê is die grootste in Suid-Afrika?

“Werkloosheid. Dit het 'n rimpel-effek na ander maatskaplike probleme.”

KB: Hoe dink jy het die Koronavirus-pandemie maatskaplike probleme en werk in SA beïnvloed?

“Uit 'n ekonomiese oogpunt moes baie besighede hulle deure toemaak. Dit lei tot 'n groot styging in die werkloosheidsyfer. Die pandemie stel verder die strukturele ongelykhede bloot wat die gemeenskappe affekteer. Huishoudelike geweld is aan die toeneem vandat inperkings ingestel is. Mense moet vir

hulle gesinne sorg, maar daar is geen inkomste nie, wat kan lei tot spanning en konflik in die gesin. Geestesgesondheid is een van die belangrikste aspekte wat aandag gedurende die pandemie verg. Hierdie is 'n tyd van onsekerheid en talle mense en familieledede word deur die virus geraak. Mense mag dalk meer stres ervaar, depressief wees en angstig voorkom gedurende hierdie tyd.”

Schalk van der Spuy



“Baie van my familie is in die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) en Korrektiewe dienste. Dit het 'n invloed gehad op hoe ek die wêreld sien. Dit het 'n sterk gevoel van geregtigheid en regverdigheid in my geskep. Ek het ook gevind dat mense maklik hulle gevoelens en probleme met my deel.”

Kerkbode: Wat het jou geïnspireer om maatskaplike werk te studeer?

“Ek wou altyd iets doen waar 'n mens werk met mense en mense help. Toe ek by Hugenote Kollege goedgekeur word om die BSW-kursus in 2019 te doen, was dit die perfekte geleentheid om te doen wat ek wil doen. Ek was nog altyd gefassineer deur hoekom mense sekere dinge doen. Maatskaplike werk is 'n baie goeie geleentheid om 'n verskil ten goede in mense se lewe te maak.”

KB: Hoe sou jy jou roeping vir maatskaplike werk beskryf?

“Voordat ek maatskaplike werk begin studeer het, het ek eers in die Inligtings-

tegnologiese (IT) rigting geswot, maar deur die tyd wat ek IT geswot het, het ek besef dat dit nie die beroep is waar ek hoort nie. Dit was te onpersoonlik en alhoewel ek mense kon help met hulle rekenaars, kon ek hulle nie help op die manier waarop ek regtig wou nie.”

KB: Watter maatskaplike probleem sou jy sê is die grootste in Suid-Afrika?

“Werkloosheid, gesinsgeweld, kinderverwaarloosing, drank- en dwelmmisbruik en emosionele onvolwassenheid.”

KB: Waar sal jy glad nie wil werk nie?

“Ek sal nie in die tronke wil werk nie.”

Nalene Truter



“Iwant to work with cancer patients, including palliative patients. The environment and energy around these people are so positive, largely because of their faith and because they live so close to God.”

Kerkbode: Wat het jou geïnspireer om maatskaplike werk te studeer?

“I obtained a BA Degree in Psychology in 1991, after which I started my professional career at a multi-national company in 1992. I enjoyed my 26 years within the marketing department, especially the roles where I was leading teams. Through these roles I realised that I really want to further my studies and interest in psychology but could never afford to study full-time as I am single. In 2016 I was diagnosed with breast cancer and at the end of my treatment, the company offered me a severance package which enabled me to now further my studies. During the time I received my cancer treatment (1 year and 3 months) I did a lot of introspection and realised that I do not actually want to become a psychologist that see patients in an office all day. I want to work with families and groups of people and therefore decided to pursue a career in social work.”

KB: Watter persoonlike ervarings het 'n rol in jou roeping vir maatskaplike werk gespeel?

“The biggest influence came from my journey with cancer. I received so much love, care, support and was so privileged that I decided halfway through my treatment that I must give back. I started sharing my experience with new cancer patients and offered them support through little care packages that my friends and family helped me put together. I also visited them while they were receiving treatment and through this process, I realised how not only the patients, but their entire family need support and someone to talk to. Talking to other people that were on the same journey as me, played an important part in my personal emotional healing process. This also influenced my decision to rather pursue the social work option than psychology, which would enable me to do group work with families.”

KB: Hoe dink jy het die Koronavirus-pandemie maatskaplike probleme en werk in SA beïnvloed?

“The fact that people, who were experiencing domestic violence prior to the Coronavirus, were locked down in their homes with their assailants must have made it devastating to the victims. Also, people who earn minimum and weekly or daily wages now had no income which led to an increase in an already poverty-stricken majority. When people are hungry, theft and crime will increase. But there were also positive things that happened, for example in Durban where they put up the homeless in tents and many people got released from their drug dependency problems.”

Tougieda Gaidien



“One of the most inspiring people I have come across is one of my lec-

turers, dr Jessica Johannisen. She is my social work lecturer and such a wonderfully inspiring woman that really has a passion for helping others and her good qualities are contagious and admirable, she is an excellent role model for our generation as upcoming social workers."

Kerkbode: Watter maatskaplike probleem sou jy sê is die grootste in Suid-Afrika?

"I think that the lack of educated people is one of South Africa's greatest social issues because education is not something that can be taken away from you, and if everyone had an equal standard of education and if everyone were to be educated, the unemployment rate in our country would not be increasing, even prior to Covid-19 unemployment has been a social problem within our communities.

"If everyone has the equal opportunity to be educated in our country, we would have less social problems such as unemployment, poverty, hunger and crime."

KB: Hoe sou jy jou roeping vir maatskaplike werk beskryf?

"I feel that my calling to social work allows me to do good unto others and what is right. This includes, changing unhealthy environments within communities, overall taking on the challenging social issues and strengthening individuals and communities. Being able to help those by physically giving back to the communities through various interventions and the availability of therapeutic help. I am called to serve."

KB: Watter persoonlike ervarings het 'n rol in jou roeping vir maatskaplike werk gespeel?

"There have been many instances in my life that have supported my decision to pursue my calling as a social worker in the making. One would be seeing the struggle and social issues within my own community, noticing the violence of others and injustice, seeing misinterpretations of certain aspects due to stereotypes and stigmas of the people about certain topics that would potentially be a benefit for communities, but too little awareness is offered for people to change their mindsets."

"I want to make a change. If you do good, you feel good."

KB: Speel jou geloof 'n rol in jou studies?

"Yes. Through my studies and career choice I am able to practice out part of my faith, which is doing good for others and being good to others. Giving selflessly. My faith also acts as a guiding principle for me on how to treat others."

KB: Watter boek lê langs jou bedkassie?

"Dis ek, *Anna* by Elbie Lötter. I am English but I find so much joy in reading Afrikaans books."

KB: Watter aktiwiteit gee jou die meeste vreugde?

"Sleeping is an activity I love doing. But being productive is important, so I would go with doing make-up as an activity that I love doing. Doing make-up is one of my most stress relieving activities and I love making people feel good about themselves!"

KB: Indien iemand vir jou vandag sê die Koronavirus is uitgewis en daar is geen inperkings meer nie, wat sal jy eerste doen?

"Oh wow! That is quite a question. Firstly, I would take off my mask! And then hug everyone I was unable to show affection to due to social distancing. I would love to visit my family knowing that there is not a chance that they'll be infected by me and vice versa. Covid-19 has made us fear, not for ourselves, but for the ones we love."

Brian Lombaard



"Terwyl ek op skool was het ek elke pouse rondgestap om te kyk met wie ek kan gaan gesels. Soos ek gestap het, het ek altyd gebid en gevra dat die Here my moet stuur na leerders wat Hy weet ek vandag mee moet gaan praat. In daardie oomblike tydens pouses het ek lewensveranderinge gesien. Een van my mooiste ervarings was waar ek 'n graad 8 leerder moes beraad en haar ondersteun deur 'n tyd van pyn en hopeloosheid. En ek kon die verandering in haar lewe in daardie tyd van ons afspraak waarneem."

Kerkbode: Hoe sou jy jou roeping vir maatskaplike werk beskryf?

"Ek beskryf dit grootliks as 'n roeping en deur wat die Here vir my oopgemaak het en waarin Hy my geplaas het om 'n verskil te maak en om ander te bedien. Ek beskou dit ook as geleentheid om mense wat in gebreke mure, stukkende, verlate, verwerpte omstandighede leef te gaan herstel en hulle omarm soos wat ek my maatskaplike roeping uitleef."

KB: Indien iemand vir jou vandag sê die Koronavirus is uitgewis en daar is geen inperkings meer nie, wat sal jy eerste doen?

"Ek sal eerste 'n vieringsdag vir die gemeenskap reël. Almal kan dans, sing en optree. Ek sal veral vir jongmense 'n geleentheid wil gee waar hulle talente en gawes kan uitleef om die gemeenskap weer op te bou na 'n lang tyd van inperking."

Jamie Saulse



"Most people who have been born into hopelessness only need someone to open a door for them in order to walk through. I want to be that someone for someone else."

Kerkbode: Speel jou geloof 'n rol in jou studies?

"My belief definitely plays a role in my studies. Getting to the point of being a second year social work student has not been an easy journey. I remember a few years ago, four years to be exact, I applied for the Social Auxiliary course, once completing that year I applied at every university and got denied. I then reached out to an advisor and the advice was to study a diploma in Early Childhood Development to use it as a stepping stone. At this point I questioned whether I'll ever reach my goal of becoming a social worker. My facilitator at the time reminded me that everything that you do, you need to do in love. She was a pure definition of being purpose driven and I then soon realised that I was right where God wanted me.

"I completed my two years and once again I tried everything to get into university but still I got declined. I remember at the beginning of the year multiple teaching opportunities were offered to me and I declined because somehow I knew. I knew that that would be the year that God would make a way to study what my heart has been longing to study. I remember getting the phone call that the Bachelor's Degree in Social work has been approved and that I got accepted. I was in that moment filled with joy and disbelief all in one. Realising that all those years of studying was not for nothing and that God's timing is always perfect. Even when sometimes we don't understand why we have to go through many experiences in life, that at the end it will all make sense and that it was God's plan for me all along."

KB: Hoe dink jy het die Koronaviruspandemie maatskaplike probleme en werk in SA beïnvloed?

"I think that the pandemic has influenced social problems in a huge way because prior to the pandemic South Africa as a country has already been struggling with poverty, unemployment, the lack of education. There has not been a solution that has solved all these issues. The coronavirus pandemic came and has heightened the social problems in South Africa, where the poor have now become poorer. The unemployment rate has increased due to companies not being able to function due to the economic strain, as well as many people being retrenched."

KB: Watter boek lê langs jou bedkassie?

"Firstly my Bible and secondly a book by Lisa Bevere called *Girls with swords*."

Bernell Thomas



"Na my studies sal ek graag in die Noord-Kaap wil werk."

Kerkbode: Wie is jou grootste inspirasie?

"Een van ons dosente is my grootste inspirasie. Hierdie dosent het al deur baie gegaan en het die beste van 'n slegte situasie gemaak en vandag is daardie persoon baie suksesvol. Dit het my geïnspireer om altyd alles tot die beste van my vermoë te doen, want op die einde van die dag sal ek wel die vrugte daarvan pluk."

KB: Watter maatskaplike probleem sou jy sê is die grootste in Suid-Afrika?

"Armoede en dwelmmisbruik."

KB: Indien iemand vir jou vandag sê die Koronavirus is uitgewis en daar is geen inperkings meer nie, wat sal jy eerste doen?

"Ek sal eerste doen wat ek nog altyd wou doen, en dit is meer terugploeg in my gemeenskap. Ek wil aktiwiteite doen met kinders en ouer persone. Hierdie tydperk het 'n mens laat besef die lewe is kort, ons moet die beste van elke situasie probeer maak."

– Saamgestel deur Jacobie M Helena.

Ook jou gemeente kan verander

FRANCOIS PREISS

Soos enige organisasie soms ver-geet wat hulle kernbesigheid is, so gebeur dit in die kerk. Maar bo al-les is jy lief vir jou gemeente. Die kerk is belangrik omdat jy nie jou geloof op jou eie kan beoefen nie, maar deel is van 'n geloofsgemeenskap. Deur die jare het julle nie alleen julle predikant leer ken as iemand wat omgee vir die lidmate nie, maar is julle gevoed deur opbouende prediking.

Maar ten spyte hiervan, is daar ook 'n onvergenoegheid wat aan jou knou. Al hoe meer lidmate voel soos jy. Julle gemeente het verandering nodig. Wat staan julle te doen? Julle het eintlik nie die vaagste benul hoe organisatoriese verandering plaasvind nie. Maar op 'n dag spoor die dominee 'n boek in een van die boekwinkels op met die titel *Leading change* deur John Kotter. Dit was die begin van 'n pad wat die Here Jesus met die gemeente sou begin loop. Hierdie artikel is gebaseer op bovermelde boek.

Die boek is nie uit 'n kerklike oog-punt geskryf nie, maar nou moet ons onthou alle wetenskap is God se wetenskap. Die kerk kan insigte uit die bestuurskunde en leierskapsdenke met groot sukses gebruik. Maar as julle die *Leading change*-seminaar wil gebruik, moet julle die vertrekpunt onthou. Dit is dat God die Vader voorsien (die visie sal ook uit sy Vaderhart kom), Jesus ons Verlosser is sentraal in die proses en die Heilige Gees is ons Leidsman wat ons deur die veranderingsinisiatief sal begelei en ons help om op Jesus te fokus.

Maar kom ons kyk na die agt stappe: **1. Die dringende van verandering** Daar is agt stappe in die proses. Die eerste stap in die agtfase-proses is die drin-

gandheid van verandering. Die stap van dringende is so belangrik dat Kotter, 'n leierskapskenner, 'n spesiale boek hieroor geskryf het, *A sense of urgency*. Die boek handel oor *complacency*. Dit kom neer op 'n ekstreme selftevredeheid waarin 'n gemeente hulleself kan bevind.

2. Die vestiging van 'n aksiegroep

Individue kan nie alleen 'n kerk verander nie. Soms is daar kragte wat die inisiatief ondermyn. In die samestelling van die *guiding coalition* is 'n klompie sleutelmense van belang: Genoeg sleutelspelers byvoorbeeld ouderlinge, diakens, bedieningsleiers en ander leiers met bestuurskundigheid en leierskapsvaardighede sodat dié wat uitgelaat word, nie die proses blokkeer nie. Dit behels wye ervaring en intelligensie, geloofwaardigheid en integriteit. Gewoonlik is daar mense wat 'n passie het vir verandering en 'n liefde vir die koninkryk van God. Hulle moenie uitgesluit word nie. 'n Aksiegroep benodig beide bestuurders en leiers. Met goeie bestuurders en swak leiers sal weselike verandering in organisasies nie plaasvind nie. Twee tipe individue moet ten alle koste as lede van die *guiding coalition* vermy word. Die eerste is mense met ego's so groot dat dit die vertrek vul en die tweede groep is slange.


3. Die skep van 'n strategiese visie

'n Mens kan poog om jou organisasie op die verkeerde manier te verander, byvoorbeeld op outoritêre wyse of deur mikrobestuur. Maar leierskapskenners sê dat strategiese visie die enigste manier is om die rigting van 'n organisasie te verander. 'n Visie vergemaklik besluitneming. In plaas van eidelose de-

batte oor wat nodig is of nie, is daar net een vraag om te vra: Is dit in lyn met die visie? 'n Visie motiveer mense om stap- in die regte rigting te neem.

4. Kommunikasie van die visie

Sonder effektiewe en genoegsame kommunikasie word die betrokkenes se hart en gedagtes nooit gewen nie. Om 'n visie van die toekoms te aanvaar kan 'n mens nogal moeg maak. Dit behels om die huidige stand van sake te laat vaar en ander te vertrou. Maar wanneer die aksiegroep hierdie moeilike taak afgehandel het, moet hulle onthou dat al die ander mense in die organisasie nie in 'n kort tydjie duidelikheid oor die visie sal hê nie.



5. Bemagtig ander deur struikelblokke te verwyder

Soms is struikelblokke net in 'n mens se kop, of is daar nie werklike eksterne hindernisse nie. Struikelblokke is dikwels organisatoriese strukture. Wanneer intelligente mense, dikwels met goeie bedoelinge, nalaat om struikelblokke te konfronteer, word baie mense ontwapen en dan word transformasie ondermyn.

6. Skep korttermyn-winste

Ware verandering neem tyd. Ingewikkelde pogings tot verandering loop altyd die risiko om momentum te verloor – veral as daar geen korttermyn-resultate is om te vier nie.

7. Bou voort op verbeteringe

Kotter sê daar is een belangrike reël: As jy die poging tot verandering staak, voordat die werk gedoen is, kan kritiese momentum verlore gaan en agteruitgang plaasvind. Die oorwinningsaankondiging wat te gou gedoen word, stop alle momentum. Gaan voort om die golf van verandering te ry. Moenie stop tot die visie 'n werklikheid geword het nie.

8. Vestig die nuwe benadering in die kultuur

Die kultuur van 'n organisasie het 'n belangrike invloed op die gedrag van mense. Soms is dit moeilik om ou kultuur te laat sterf. Dit is belangrik om te onthou dat kulturele verandering aan die einde van die transformasie kom. Die meeste kulturele verandering vind in fase 8 plaas en nie in fase 1 nie.

Die vraag is of daar 'n genoegsame *sense of urgency* is. Het die gemeente haar eerste liefde verlaat? Het die gemeente so selfversekerd geraak dat sy haar tekortkominge nie besef nie? Is daar te veel selfvoldaanheid? Hier is 'n geleentheid tot refleksie en saam praat en saam voel en saam dink met die oog op die ontdekking van 'n strategiese visie.

► *Francois Preiss is 'n opleidingskonsultant by House of Learning. Hy kan by francoispreiss@gmail.com gekontak word.*

Ontmoet Apostel Paulus: Uitvoer van Apostoliese Bediening Intern

JURIE VERMEULEN

In artikel drie van ons Christelike leierskapsreeks, trek ons die eerste van vyf laaie oop van Paulus se antieke leierskapskabinet. Hierdie laai se inhoud handel oor die dinamika tussen leiers en hulle konteks. Dit is 'n sikliese dinamika, want net soos leiers deur hulle konteks gevorm word, beïnvloed leiers weer hulle konteks. Paulus was hiervan nie uitgesluit nie. Hy was 'n Romeinse burger, 'n Fariseër en later 'n Christelike apostel en elkeen van hierdie kontekste het hom direk gevorm.

Ons almal is, om die Duitse filosoof

Hans-Georg Gadamer se analogie te ekstrapoleer, 'n *fusie van horisonne* wat beslag vind in wie jy tans *tydelik* is. Ons transformeer almal immers voortdurend. Om die kritiese rol van konteks en kultuur te illustreer wil ek graag 'n staaltjie ten koste van myself vertel.



Ek was besig met leierskapsontwikkeling van 'n groep omroepers en medialeiers in die noordweste van Mosambiek, toe *innovering* ter sprake kom. Ek begin toe, sonder veel nadenke, eerstewêreldse voorbeelde van *innovering* deel; soos bekende kitskosbesighede wat Formule 1-wedrenne se

kuipemodel aangepas het om hulle "drive-thrus" te optimaliseer. Terwyl ek baie entoesiasies verder begin vertel hoe ons nederige papier-eierhouers 'n hoër roeping gevind het in 'n heeltelander bedryf, besef ek skielik uit die verwarde uitdrukkings voor my dat ek my gehoor totaal verloor het. Om mee te begin, het hierdie mense nie kitskosbesighede nie en ook geen idee wat 'n "drive-thru" is nie. In plaas van motors gebruik hulle antieke swart Chinese dunwielietse wat reeds minstens drie geslagte van die uitgebreide familie vervoer het en koop hulle lewendige

hoenders op die plaaslike mark wat sommer so aan die pote oor die handvatsels gedrapeer word!

As leiers behoort ons deurgaans bewus te wees van die rol van kultuur en konteks. *Leierskap kan onder andere beskryf word as die kuns van optimale konteks-gesinkroniseerde kommunikasie en optrede*. Paulus was 'n goeie voorbeeld hiervan. Ons lees hoe gemaklik hy met Jode, Romeine, Grieke, Epikureërs, Stoïsyne en Christene gedagtes uitgeruil het.

Effektiewe strategiese leiers kan die volgende drie kontekstuele werklikhede



Skrywer bied praktiese riglyne vir geloofsonderskeiding

Emigreer of bly – Is die gras werklik groener aan die ander kant?

deur Stephan Joubert

Uitgewer: Lux Verbi, 2020

Resensent: Rethie van Niekerk

Om te emigreer of te bly ... dit is 'n vraag waarom baie van ons in die laaste jare wonder. Dit is ook waarom ek Joubert se boek *Emigreer of bly* met opgewonde afgewagting gelees het. In 'n mens se agterkop het jy natuurlik reeds die vermoede dat Joubert gaan sê dat God jou met 'n rede aan die suidpunt van Afrika geplaas het, dat jy hier 'n verantwoordelikheid en roeping het en hier moet bly.

Dit is egter nie wat Joubert doen nie. In sy eie woorde: "Hierdie boek wil nie vir jou voorskryf wat om te doen nie. Dit is jou lewe." Hier word nie vinnige "one-size-fits-all" antwoorde gegee nie. Joubert wil eerder sy lesers help om na te dink oor die lewe en besluite, om op God se roete te bly – ry of bly, reeds gery of teruggekom. Dit is ook nie net sy stem wat gehoor word nie. 'n Hele afdeling van die boek word afgestaan aan ander se verhale en opinies – blyers, ryers en terugkomers.

Hy kyk eerlik en sober na die redes waarom mense (wil) gaan, asook die bestaande syfers rondom emigrasie. Op die ou end is dit egter 'n baie breër saak

as bloot emigrasie wat op die tafel kom. Joubert praat oor die lewe – die sin van die lewe, die soeke na geluk, roeping, moraliteit, die goeie lewe, veiligheid.

Sy nadenke oor geluk alleen maak *Emigreer of bly* die moeite werd. Joubert skryf ook uitgebreid oor veiligheid, op uitdagende en inspirerende wyse, met 'n vars perspektief wat 'n mens selde in gesprekke oor emigrasie hoor. Die lens van moraliteit op die ry-of-bly-vraag help 'n mens om heel anders te dink oor jou keuses. Daarmee saam gee Joubert praktiese riglyne vir geloofsonderskeiding, wat elke persoon kan gebruik in hulle besluitnemingsproses. Die gedagtes oor roeping is bevrydend en bemagtigend.

Uiteindelik is *Emigreer of bly* 'n boek oor geloof, oor die lewe voor God. "As jy nie gereeld by die Here se voete tot rus kom nie, sal jy nooit blywende rus of geluk vind nie. Geen plek op aarde sal jou ooit tevrede stel nie. Eers wanneer jou hart tot bedaring gekom het en die kruis 'n rusplek op jou skouers gevind het, kry jy rus vir jou siel. Dan neem jy nie jou besluite vanuit donker plekke of negatiewe emosies nie. Dan het jy vrede in die Here, vrede met jouself en vrede met alles wat jy moet doen met jou enigste lewe." En dan kan jy self besluit: emigreer of bly?

► *Ds Rethie van Niekerk is 'n predikant in Port Elizabeth.*

Wanneer is genoeg, mansgenoeg?

MansGenoeg! ... om 'n man na God se hart te word deur Jannie Putter, Stephan Joubert, Wouter Snyman, ea
Uitgewer: Carpe Diem Media, 2020
Resensent: Louis van der Riet

Hierdie bundel met toeganklike oordenkings bied kort refleksies as inspirasie en bemoediging – een honderd dagstukkies uit die penne van mans. Elke bydrae neem 'n bekende aanhaling as vertrekpunt, in die meeste gevalle gesteun deur Bybelse aanhalings.

Hierdie versameling pitkos belowe om antwoorde te bied vir mans en manlikheid wat uitgedaag word en dié wat opgeroep voel tot waagmoed en dapperheid. Tog blyk die wêreld waarna *Mansgenoeg* godvresende mans uitnooi, nie die wêreld te wees waarin die slagoffers van patriargie, geslagsgebaseerde

geweld of heteronormatiwiteit leef nie. Vir gender en manlikheid is daar nie veel inspirasie of wysheid te vinde nie. Die 100 inspirerende aanhalings en refleksies vir "almaal wat streef om 'n beter man te word" is eerder geskoei op 'n man se alledaagse uitdagings binne 'n tipiese voorstedelike bestaan.

Hierdie bondige bydraes verwoord nie net die uitdagings van 'n reeks alledaagse belewenisse nie, maar bied ook oplossings aan. Dit sluit in uitdagings soos hoe om moed te skep na teleurstelling, hoe om druk by die werksplek te hanteer, en hoe om oor geld te dink.

Die grootste deel van die versameling gee lesers se verbeelding die geleentheid om sêlf die inspirerende gedagte te laat neerslag vind binne 'n plaaslike konteks.

► *Ds Louis van der Riet is predikant by Parke Gemeente in Kraaifontein.*

Boesak daag leser om bekende verhale nuut te lees

Children of the waters of Meribah – Black Liberation Theology, the Miriamic tradition and the challenges of 21st century empire deur Allan Boesak

Uitgewer: SUN MeDIA, 2019

Resensent: Rethie van Niekerk

Na wie se stemme luister ons? Of dalk meer krities: Na wie se stemme luister ons nie? Hoor ons mense wanneer hulle hul eie verhale vertel, of het ons ander stemme nodig – stemme aan wie ons meer gesag gee – om die stemme te hoor van mense wat ons minder ag (minag)? Hierdie vrae sit knellend in my agterkop terwyl ek, 'n wit vrou, 'n resensie skryf oor 'n boek deur 'n man van kleur, waarin daar gevra word of swart teologie genoegsaam geluister het na vroueteologie. In *Children of the waters of Meribah* argumenteer Boesak dat swart bevrydingsteologie in 'n baie beter posisie sou wees om 'n verskil te maak aan die lewe van onderdrukte swartmense, as hulle die teologie en verhale van vroue ernstiger opgeneem het.

Aangesien die Eksodusverhaal (saam met die verhaal van Jesus) die ankerverhaal is van bevrydingsteologie, gebruik Boesak die Eksodusverhaal om na te dink oor 'n feministiese

teologie wat bevrydingsteologie se blinde kolle kan belig. Dit doen hy deur te vra wie die God van die Eksodus is. Die Moseslyn word dan gekontrasteer met die Miriamlyn. Op kenmerkend meesleurende wyse word die Miriamitiese profetiese tradisie ontgin om nuwe perspektief op God en bevryding oop te breek.

In verdere hoofstukke gaan die skrywer in gesprek met vroueteoloë oor Jesus se ontmoetings met onderskeidelik die Kanaänitiese en Samaritaanse vrou.

Die nadenke oor spesifieke teologiese lyne word deurlopend prakties gemaak in die wêreld waarin ons leef. Sake soos genderegterigheid, geslagsgebaseerde geweld, die waardigheid van LGBTIQ+ mense, dekolonialisasie en swart bemagtiging kom onder bespreking. Soms is dit onthutsend. Dikwels bied dit kosbare insigte, maar deurlopend is dit 'n waardevolle gespreksgenoot wat die leser uitdaag om bekende verhale nuut te lees, vanuit 'n ander hoek te kyk en nuwe betekenis moontlikhede raak te sien.

Hierdie is een van daardie boeke wat 'n dominee sommer dadelik in preke wil omskep, omdat dit Bybelverhale op 'n sinvolle manier vir ons konteks oopbreek.

ende Direkteur nasionaal



enige tyd van die dag of nag beskryf: (1) Hulle makro-omgewing, (2) hulle personeel se behoeftes, vaardighede en leemtes, en (3) die ontwikkelingsfase, sowel as die effektiwiteit van hulle organisasies binne hulle konteks. Hoe hoër hulle organisatoriese leierskapsintelligensie, hoe meer gesinkroniseer hulle optrede relatief tot hulle konteks, en hoe groter hulle impak.

Ons snelveranderende 21ste-eeuse konteks vereis van alle leiers 'n byna stratosferiese strategiese intelligensie, soepelheid, innovasie en spoed. Waar dit ernstig ontbreek is enige organisasie

gedoem tot mislukking.

In die mediabedryf neem ons konteks baie ernstig op. Voordat ons Christelike radiostasies in enige land van die wêreld begin uitsaai, probeer ons ant-

woorde kry op 'n hele lys vrae soos: *Uit watter komponente bestaan die wêreldbeeld van ons gehoor? Is daar raakpunte met ons Bybelse verhaal wat ons kan help om effektief met hulle te kommunikeer?* Ons herhaal hierdie oefening totdat die luisteraarsrespons aantoon dat ons optimaal met hulle kommunikeer.

Verder maak ek deesdae seker dat my kontekstuele intelligensie hoog genoeg is voordat ek voor 'n gehoor gaan staan, veral in 'n ander land met 'n vreemde kultuur!

► *Dr Jurie Vermeulen is nasionale direkteur van FEBA Radio SA. Besoek www.febaradio.co.za*

VERSTAAN die Bybel

God se insluitende liefde vat die bediening van Jesus saam

MARIUS NEL

Dis nie altyd maklik om gestalte aan die kerk te gee te midde van 'n diverse wêreld nie. Dit vra van gelowiges om verskillende teologiese aksente en uiteenlopende sosiale identiteite met mekaar te versoen. So moes die insluiting van heidene (Hand 10:34-35) met die nastreef van heiligheid (1 Pet 1:14-16) deur die vroeë kerk gebalanseer word. Dit was nie altyd vir hulle maklik nie, soos blyk uit die berig dat Petrus in Antiogië deur Paulus tereggewys is toe hy geweier het om saam met heidene te eet (Gal 2:11-21).

Die kerk het egter telkens in navolging van Jesus gehandel. So is die erken-

ning van God se insluitende liefde in Handeling 10:36-43 begrond in 'n samevatting van die bediening van Jesus. Wat die aanvaarding van onderlinge verskille betref doen Paulus in Romeine 14:1-23 'n beroep op die Christene in Rome om hulle verskille te aanvaar ten opsigte van dieetbeperkings en feestye deur te verwys na die dood van Jesus. Wanneer die vroeë kerk dus gekonfronteer is met uiters uitdagende vrae oor hoe hulle gemeenskappe ingereg moes word het hulle nie op die verskille of partye gefokus nie. Hulle het eerder op Jesus gefokus.

In die hantering van uiteenlopende aksente en diepgaande sosiale verskille,

wat dikwels 'n kettingreaksie van konflik in gemeenskappe ontlok, het die woorde en daede van Jesus soos diatomiet gefunksioneer. Diatomiet is die sagte, kalkagtige sedimentêre gesteente wat Albert Nobel by nitrogliserien gevoeg het om dit as dinamiet te stabiliseer.

Terwyl 'n fokus op Jesus nie tot maklike antwoorde aanleiding gegee het nie, het dit die dinamika van die gesprek verander van 'n debat waarin die een die ander wou oortuig om soos hulle te dink en te handel, na 'n gesamentlike soeke om soos Christus te word. Nog man nog vrou, nog Griek of Jood was die norm waarby ander moes inval.

Christus was. So is dit in Efesiërs 5:21 – 6:9 die ontsag vir Christus wat die wederkerige onderdanigheid onderliggend aan huishoudelike verhoudings bepaal.

Waar dit dikwels moeilik is om geskille tussen twee pole te besleg het 'n fokus op Jesus nuwe moontlikhede vir eenheid geskep. Die kerk moet daarom haar nadenke oor die hantering van die verskille, wat dikwels tot verdeeldheid lei as die fokus is op wie watter standpunt huldig, eerder begrond in 'n diepgaande refleksie oor wat dit beteken om onderdanig aan Christus te wees.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

Lente is lewe!

JOHAN VAN DER MERWE

Op 1 September is die winter simbolies verby (amptelik eers op 22/23 September) en vier ons die koms van die lente. Lente beteken nuwe lewe. Oral rondom ons begin bome bot en plante blom. Die geur van jasmyn hang in die lug. Miskien is die koms van die lente in 2020 te midde van die Covid-19-pandemie ook vir die kerk meer betekenisvol as ooit vantevore.

Nuwe lewe, of anders gestel herlewing, is niks vreemds aan ons gereformeerde tradisie nie. Die Reformasie van die 16e eeu was die eerste groot herlewing toe die kerk uit die doodsheid van die Middeleeue losgebreek het. In die geskiedenis van die NG Kerk staan twee

groot herlewings uit.

Die eerste golf van herlewing het van 1860 tot 1862 deur die gemeentes van die NG Kerk beweeg. Een van die belangrikste gebeurtenisse van dié herlewing het op 19 Mei 1861 in die Paarl plaasgevind toe die plaaslike predikant, ds GWA van der Lingen, uit Lukas 24 oor die gawes van die Gees gepreek het. Nadat hy 'n visioen, wat hy tydens die middagbyeenkoms gesien het, met die gemeente gedeel het, het 'n groot oplewing en hernude toewyding gevolg. Dit het ook vinnig na ander gemeentes van die NG Kerk oorgespoel en was die begin van Pinksterbidure wat deur die jare 'n reuse-invloed op lidmate en gemeentes van die NG Kerk uitgeoefen het.

'n Tweede groot herlewing het gevolg tydens die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974. Nadat 60 jongmense, vyf spanleiers en 'n koorleier (die bekende Awie van Wyk) vir drie weke op die Achterbergkampsterrein buite Krugersdorp opgelei en toegegerus is, het 'n elf maande lange jeug-en-evangelisasieprogram gevolg. Hierdie program het 'n lewensveranderende impak op duisende jongmense en die NG Kerk gehad. Uiteindelik is 180 saamtrekke wat deur 250 000 jongmense bygewoon is, deur die loop van die jaar gehou. Tydens die saamtrekke is gesprekke met jongmense en kinders gevoer en is daar saamgebied op paviljoene en sportvelde. Hierdie beweging het onder meer gelei tot 'n toestroming

na teologiese fakulteite, jongmense wat opgewonde was oor hulle geloof in Jesus Christus en 'n nuwe loyaliteit teenoor die NG Kerk.

Hoe sou die herlewing van 2020 kon lyk? Die gemene deler in die genoemde herlewings dui die rigting aan. Dit is inderdaad terug na die toekoms. Dit vra hernude fokus op die lewende Here en sy Woord. Die geskiedenis vertel dat nuwe lewe dan kom wat die kerk in staat stel om 'n verskil te maak in 'n stuk-kende samelewing.

Hoe nodig is dit nie in die lente van 2020 nie?

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

GESTUUR

LOURENS BOSMAN

Die afgelope maande het ons beleef hoe dinge wat vanselfsprekend behoort te wees, in die kollig kom.

Die kwessie van plaasaanvalle, geslagsgeweld en *Black Lives Matter* was in die nuus en op die voorblaai. Daarmee saam ook kritiese stemme wat vra: "Hoekom tog nou weer? Is hierdie nie vanselfsprekende sake nie, waarom al die aandag en politiekery?"

Daar is 'n rede vir die kollig en aandag. Dit is protes omdat vanselfsprekende dinge nie meer vanselfsprekend is nie.

Die regering se stilsweye oor plaasaanvalle en gebrek aan optrede roep om protes. Die toename in geslagsgeweld

roep om breë aksie. Polisiebrutaliteit teen swartmense roep om openbare druk. Die protes roep die wêreld om aandag te gee aan dinge wat vanselfsprekend behoort te wees: fundamentele sake soos veiligheid en waardigheid.

Die opkoms en groei van die wêreldwye missionale beweging is so 'n protes. Dit is protes teen die kerk wat die fundamentele rede vir sy bestaan agterweë gelaat het. Uit die Bybelse verhale is dit helder en duidelik dat God die kerk in die lewe roep om dit na die wêreld te stuur. As Jesus sy dissipels roep, is dit om hulle vissers van mense te maak. Sy laaste opdragte voltooi hierdie roeping: "Gaan na al die nasies toe", "soos die Vader my gestuur het, stuur Ek julle

ook," en "julle sal my getuies wees ..."

Om die kerk terug te roep na hierdie basiese bestaansrede is nie transformasie nie, dit is reformasie, 'n terugkeer na die vanselfsprekende.

Met plaasaanvalle, geslagsgeweld en BLM hoor 'n mens soms: "Waarom die bohaai, alle lewens maak tog saak? Dit is tog vanselfsprekend?" Maar as die vanselfsprekende nie meer gebeur nie, moet die kollig daarop val.

Ons hoor hierdie soort kritiese stemme ook oor die missionale beweging: "Waarom tog die bohaai? Ons was dit mos nog altyd?"

Die missionale beweging het nie ontstaan omdat 'n klompie teoloë op soek was na iets nuuts en interessant om te sê

nie. Dit het ontstaan omdat die vanselfsprekende opgehou gebeur het. Die Westerse kerk het op homself ingedraai geraak. Ons natuurlike, menslike, sondige selfsug en gemakselfsug het die oorhand gekry. Die kerk se fokus het van die wêreld na homself geskuif. Ons roeping, om as gestuurdes in die wêreld te leef, het vervaag.

Daar behoort nie iets te wees soos 'n missionale beweging nie, dit behoort vanselfsprekend te wees. Maar dit is nie. Die missionale beweging is 'n protes dat die vanselfsprekende weer vanselfsprekend moet word.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

Die laaste Kerstablo

'n Skets, gebaseer op 'n ware gebeurtenis. Deur Jan JF Viljoen

Klokslag twee-uur op Sondag gedurende die skooltermyn vertrek die sendingwerkersbus van Villieria na Walmansthal, noordoos van Pretoria. Die sendingwerk is 'n inisiatief van die Kerkjeugvereniging (KJV) van die NG Kerk se Ring van Villieria.

Kobus Gerber neem die leiding. Fried Ferreira bestuur die bus en dan is daar die span hoërskoolleerlinge en universiteits- en kollegestudente wat meewerk. Enkele jong werkende mense soos Dries Drost en Elbet Viljoen is ook betrokke.

Wanneer die bus by die trustgebied arriveer laai hy elke vyf- tot seshonderd meter 'n spannetjie van twee tot ses af. Party doen twee-twee huisbesoek en ander trek die kinders bymekaar om Sondagskool te hou. Met die huisbesoek tel die sendingwerkers die frustrasies van die swart bevolking op. Hulle sal binnekort, weens gedwonge verskuiwings, iewers in die Wintersveld, ver noord van Pretoria-Noord, moet hervestig. Hulle is gefrustreerd oor werkreservering, slegte infrastruktuur en die Bantoe-onderwys waaraan hulle en hulle kinders blootgestel is. Baie is openlik vyandig en vertrou nie die

blankes wat Sondag hierheen kom nie.

Dit is die laaste Sondag van die skooljaar van 1971. Vandag word daar nie huisbesoek gedoen of Sondagskool gehou nie. Vandag gaan al die sendingwerkers 'n Kerstablo aanbied op een sentrale punt. Daarna gaan hulle die kinders verras met koekies en koel-drink.

Die kinders kom van alle rigtings by die konsertpunt aan. Die omgewing vorm daar 'n natuurlike amfiteater. Die weer bou op, soos vir 'n regte laatmiddag staatsdiens-reënbui. As alles vlot verloop sal die bus reeds op pad terug wees, as reën begin uitsak.

'n Mooi getal groter kinders kom aangestap. Hulle bring ook kleingood saam. Die klein boeties en sussies ry op die heup of is agter op die rug met 'n kombars vasgemaak.

Die sendingspan het regtig moeite gedoen. Hulle kostuums is te pragtig. Die engel se vlerk het so 'n bietjie gebuig op die bus en Josef se kopdoek het by die huis agtergebly. Hy improviseer en, met 'n paar mans se sakdoeke, is sy probleem gou opgelos. Die soldate het lang swaarde van stewige karton. Die lemme is silwer geverf. Die wapens hang in skedes om hulle heupe. Hulle lywe is in lakens gedrapeer. Goue helms, van papierpap, rond hulle uniform af.

Die papierpap is nie glad nie en die helms lyk asof hulle deur 'n paar veldslae kom.

Die kinders leef hulle in by die tablo. Die spelers praat en die tolk vertaal. Hy is 'n goeie tolk en vertaal nie bloot die sinne nie. Hy boots ook die intonasie en klem na en as hy hom weer kry maak hy die spelers se bewegings na. Hy word deel van die toneel.

Tot op 'n punt gaan alles klopdisselboom. Die spelers ken hulle woorde, die gehoor se aandag word gehou, die wolke maak oop en die son breek deur. Die engele bring aan die herders die goeie tyding. Die wyse manne kom met hulle geskenke ...

Dan verander sake. Herodus se soldate storm, van agter die gehoor, die arena binne. Die soldate trek hulle swaarde. Die son skitter daarop. Met fanfare word aangekondig dat ALLE kinders onder twee jaar doodgemaak moet word.

Pandemonium breek los. Die groter kinders gryp hulle bababoeties en -sussies en vlug gillend uit Betlehem uit ... direk in die verstrooiing in. Voor jy kan sê mes is daar nie meer 'n enkele toeskouer oor nie. Een van die soldate besef waarom die kinders geskrik het en hardloop agterna om hulle te kalmeer. Hulle sien hom aankom en hulle vlug



Ds Jan Viljoen is 'n afgetrede kapelaan en tans 'n geakkrediteerde opleier vir Traumatic Incident Reduction (TIR). Hy is die skrywer van die boek *Anderkant trauma verby* (Bybel-Media & Protea Boekhuis) asook die radiodrama "21 Mei 2011" wat op RSG uitgesaai is. Hy het ook twee pryse in *Huisgenoot* se "Lieg en lag storie"- en "Bybelverhaal"-kompetisies gewen. Jan woon en werk in Alberton waar hy 'n beradingspraktijk het. "Die laaste Kerstablo" is deel van 'n bundel ongepubliseerde sketse wat hy geskryf het.

net vinniger. Die geween van Rama hang oor Walmansthal.

Van die kinderpartytjie het daar niks gekom nie. Die sendingspan kon ook nie weer hulle werk voortsit nie, want die gedwonge verskuiwings het kort daarna plaasgevind en die hervestigingsplek was onbereikbaar ver, vir 'n Sondagmiddagaksie.

Toets positief vir Covid Oudste NG leraar sterf

NELUS NIEMANDT

Ds Kobus Potgieter is op 18 Augustus in die ouderdom van 99 jaar oorlede. Hy was die oudste predikant in die NG Kerk. Hy het enkele dae voor sy afsterwe positief getoets vir Covid-19. Sy gebede om na die Vaderhuis te gaan is verhoor. Suster Nicky van Lynnwood-oord skets vir ons die aangrypende toneel toe die begrafnisondernemers hom met sonsopkoms kom haal. Sy staan en kyk hoe hy weggery word in die sonsopkoms in en hoe AVBOB se voertuig in die helder lig inry: "Ek sien hoe hy die helder lig inry ..." vertel sy.

Ons dink aan sy ryk en geseënde lewe. Hy was 'n diep gelowige mens wat sy hele lewe aan die Here gewy het. Sy lewe het getuig van diep afhanklikheid en byna kinderlike vertroue in die sorg en goedheid van God. Hy het Christus se kerk sy hele lewe lank passievol gedien, en soos hy ouer geword het veral deur die diens van gebede. Hy was lief vir die lidmate van die gemeentes waar hy gedien het: Dalunie, Pretoria-Oos, Universiteitsoord, Suidoos-Pretoria en Krokodilrivier. By

Universiteitsoord was hy studenteleraar en intens betrokke by die bouprojek van die pragtige kerkgebou, en konserttoere om geld vir die bouprojek in te samel. Weltevreden se lidmate onthou ook die Bybelstudies wat hy vir jare aangebied het. Hy was baie geliefd en lidmate het dekades lank kontak met hom behou.

Ds Kobus was moderator van Noord-Transvaal se sinode vanaf 1975 tot 1983, en ook van die Algemene Sinode vanaf 1982 tot 1986. Iets van sy liefde vir die kerk was aansteeklik: Sy seun dr ST Potgieter is 'n predikant, met sy vrou Eljo. Sy dogter Marthinet is met 'n predikant, prof Nelus Niemandt, getroud. Sy kleinkind Dewald Niemandt is ook 'n predikant en is getroud met 'n predikant, Doret. Sy ander kleinkind Doret is ook met 'n dominee getroud – Marco Koch. Sy ander kleinkinders is Marthinet Niemandt, Kobus Potgieter en Lize Potgieter, en agterkleinkind Thea-Mari Niemandt.

Sy vrou Mercia is enkele jare gelede oorlede.

► Prof Nelus Niemandt is rektor van Hugonote Kollege.



Wyle ds Kobus Potgieter, oud-moderator en oudste leraar in die NG Kerk, hier tydens die Algemene Sinode van 2015 saam met prof Nelus Niemandt, toe ook moderator van die Algemene Sinode. Foto: Verskaf



NG KERK RIVIERSONDEREND

Vakature: Voltydse leraarspos.

Die kerkraad van die NG gemeente van Riviersonderend wag in afhanklikheid aansoeke in vir bogenoemde pos.

GEMEENTEPROFIEL

Riviersonderend is 'n plattelandse landbougemeenskap in die hartjie van die Overberg met tans 379 belydende en 59 dooplidmate. Die gemeente bestaan uit vier dorps- en vier plaaswyke asook die Overberg Tehuis vir bejaardes. Daar is 'n goeie verspreiding van lidmate oor die hele ouderdomspektrum. Talle jongmense het hulle die laaste paar jaar hier kom vestig.

ONS VISIE

Ons wil God se lewegewende water wees wat vloei na alle mense.

LERAARSPROFIEL

Die nakom van alle ampspligte volgens Artikel 9 van die Kerkorde.

Ons nooi graag iemand wat vir ons gemeente 'n herder en leraar sal wees en geroepe voel om ons met deernis en liefde te inspireer tot ware dissipelskap sodat ons in alles God se wil sal soek, ken en doen.

VERGOEDING

- ♦ Salarispakket volgens sinodale skaal as riglyn.
- ♦ Ruim pastorie beskikbaar by die kerkgebou.

AANSOEKE

- ♦ Belangstellendes word uitgenooi om 'n volledige CV asook kontakbesonderhede van 3 referente te stuur aan die skriba by: ngrse@twk.co.za.
- ♦ Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en moontlik 'n preekbeurt.
- ♦ **Sluitingsdatum: 14 September 2020.**

NAVRAE

- ♦ Daleen van der Merwe (skriba) 028 261 1207 / 083 355 8522

Die kerkraad behou die reg om nie 'n beroep uit te bring nie.

NG GEMEENTE PAARDEKRAAL-MONUMENT

VAKATURE: LERAAR (VOLTYDS – ONBEPAALEDE TERMYNPOS)

Alle gelegitimeerdes van die NG Kerk, word genooi om aansoek te doen vir die vakante leraarspos by NG Gemeente Paardekraal-Monument.

GEMEENTEPROFIEL

Die gemeente is in die Sinode Goudland (voorheen Wes-Transvaal), is gestig in 1953 en het tans ongeveer 607 belydende lidmate en 104 dooplidmate. Die kerkgebou is geleë in Monument-uitbreiding van Krugersdorp aan die Wes-Rand van Gauteng. Die gemeente bedien die Monument- en Noordheuwel-woonbuurte van Krugersdorp, asook verskeie lidmate buite die oorspronklike gemeentegrense.

Ons gemeente staan gegrond op die Bybel as die heilige en onwrikbare Woord van God en is getrou aan die tradisionele Gereformeerde basis.

Dit is 'n goed gevestigde gemeente wat funksioneer as 'n geloofsfamilie wat lief is vir God, mekaar en ons naaste, soos vervat in ons roepingstelling: "Ons, klein en groot, is geroep om God saam te aanbid, te groei in navolging van Christus en in sy koninkryk te dien". Ons glo dat ons nie ter wille van onself hier is nie, maar ter wille van die gemeenskap waarbinne ons graag die beeld van Christus wil uitdra.

Meer inligting is op ons webblad beskikbaar by www.ngpaardekraal.co.za

LERAARSPROFIEL

- Entoesiasiese, Skrifgetroue en aktuele Woordverkondiging;
- Sterk onderlê wees in pastorale sorg;
- Ervaring van jeugbediening maar ook op die totale gesin kan fokus;
- Bewys kan lewer van verantwoordbare en aktiewe betrokkenheid binne die gemeenskap om lidmate te begelei tot hulle missionale roeping in die gemeenskap;
- Beskik oor die ervaring om gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk en daarin te ondersteun;
- Beskik oor leiers- en bestuursvaardighede om bogenoemde bedieninge te laat vlot verloop;
- Kan in spanverband op verskillende vlakke met kerkraad en medegelowiges saamwerk tot eer van God en gemaklik met mense van verskillende ouderdomsgroepe omgaan;
- Ervaring van vernuwende metodes vir die bediening van die Woord soos toegepas tydens die inperking.

WERKSPROFIEL

- Ooreenkomstig die inhoud van Artikel 9 van die Kerkorde en die bedieningsvereistes van die gemeente.

VERGOEDINGSPAKKET

Die totale koste van indiensneming (TKVI) is onderhandelbaar, met insluiting van gepaste behuising.

AANSOEKE

Belangstellendes word versoek om 'n volledige CV met drie persone as verwysings, wat maklik gekontak kan word per e-pos, saam met die skriftelik gemotiveerde aansoek aan die saakgelastigde te stuur by: ngpaardekraal@gmail.com

Daar mag van die kandidaat op die finale kortlys verwag word om 'n persoonlike onderhoud met die Pre-advieskommissie te voer.

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie noodwendig 'n aanstelling uit die aansoek te maak of die pos te vul nie.

Sluitingsdatum vir aansoek: 25 September 2020.

NAVRAE

Kontak die saakgelastigde by 011 954 4301 of per e-pos by: ngpaardekraal@gmail.com

18 Lewenskets

IN MEMORIAM

Kobus Gerber 1950-2020

'n Haastige 'boumeester'

GERDRIE VAN DER MERWE

Dr Kobus Gerber, eerste algemene sekretaris van die Algemene Sinode van 2005 tot 2015 en voormalige moderator van die Noord-Transvaalse Sinode, sterf onverwags op 6 Augustus 2020 aan 'n massiewe hartaanval in Pretoria. Hy word oorleef deur sy vrou Marti en dogter Cari.

Jacobus Johannes Gerber is op 2 November 1950 gebore op Sabie, 'n bosboudorp geleë aan die oewers van die Sabierivier in die huidige Mpumalanga. Die plantasies rondom Sabie vorm een van die wêreld se grootste mensgemaakte woude. Dit is vandag nog 'n toeristedorp naby die Krugerwildtuin. Sy vader Hendrik Louis Gerber was 'n bosbouer en sy moeder Eunice Evelina Schoeman, 'n huisvrou wat haar gesin met liefde versorg het.

Kobus begin met sy skoolopleiding in 1957 aan die Laerskool Sabie en matrikuleer in 1968 aan die Hoërskool Hendrik Verwoerd in Pretoria. Reeds op skool het hy 'n groot vriendekring en verwerf in matriek drie onderskeidings, onder meer in Latyn. Hy voel geroepe om predikant te word en studeer aan die Universiteit van Pretoria, waar hy in 1972 die BA (Admissie) verwerf. Hy werk ook as



administratiewe beampte by Binne-landse Sake in die afdeling huwelike. Aan Tukkie neem hy leiding in Kerkjeugaksies, skoolverlaterskampe en is sekretaris van Deo Gloria. Toe reeds is hierdie jongman intens betrokke by ekumeniese gesprekke, wat toe reeds sy innige warmte en diepste oortuigings oor eenheid onder kerke beklemtoon. Dit was nog altyd sy passie om langs mense te staan en hulle te help om in lewenskrisse die Here raak te sien. Hy verwerf die BD-graad aan die Fakulteit Teologie aan UP in 1975, met die skripsie: "Die eenheidsgesprek tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – 'n Histories-prinsipiële studie". Hy word op 17 November 1976 as proponent van die NG Kerk gelegitimeer. Dit word in 1994 opgevolg met 'n doktorsale proefskrif aan Unisa oor jeugbediening, wat sy rol as geestelike leier en mentor op baie gebiede vestig en onderstreep.

Prop Kobus Gerber word op 21 Maart 1977 met handoplegging beves-

tig in die NG gemeente Montana in Pretoria. Hier bedien hy die jeug met oorgawe. Sy toewyding in die gemeente en breë kerklike lewe word intens waardeer. Op 17 Julie 1981 word hy medeleraar van die NG gemeente Bosmanstraat in die hart van die middestad, waar hy in 'n kort bedienings-tyd groot werk doen. Sy bedienings-pad kry 'n nuwe koers toe hy op 3 Julie 1982 bevestig word as sekretaris vir jong belydende lidmate in die Sinodale gebied Noord-Transvaal. Hy onderneem verskeie studietoere na die VSA, waar hy toe reeds in die buiteland die speelveld vir ekumeniese geloofsprong gevestig het. Hy keer terug na die gemeentelike bediening toe hy op 16 September 1988 medeleraar word van die NG gemeente Villieria in Pretoria, waar hy werk tot hy in 1996 leraar word van die NG gemeente Waverley in die Jakarandastad. Hy geniet die stadsbediening en met sy gemaklike en blymoedige lewenstyl, raak hy mense aan wat sonder sy pas-

sie en liefde vir die Here nie bereik sou word vir die NG Kerk nie.

Op 23 September 2005 word hy bevestig as medeleraar van die NG gemeente Riviera, met opdrag eerste algemene sekretaris van die NG Kerk. Op 25 Julie 2010 word hy bevestig en gekop-

pel aan die NG gemeente Hartbeesspruit-Queenswood, digby die kantoor van die Algemene Sinode in Pretoria. Hier is hy deel van 'n dinkskrum, waar hy biddend hande vat met NG Kerkleiers om die groot skip van die NG Kerk in die soms kerklike stormsee, op koers te hou en die stormkompas te hanteer. Dr Kobus Gerber aanvaar in 2015 sy emeritaat en word onthou as 'n baanbreker in eie reg, wat aan die spits gestaan het van 'n ekumeniese bloeitydperk in die NG Kerk se geskiedenis.

Met die dood van dr Kobus Gerber, verloor die NG Kerk 'n opregte mens en dienaar van Christus, wat die kerkverband bekwaam en met waagmoed uit die woestyn gelei het. Op ekumeniese gebied was hy die NG Kerk se gesig van liefde en omgee, 'n kerklike boumeester wat met haastige spoed gewerk het. Met sy opregtheid en borrelende entoesiasme, het hy gehelp om die integriteit van die NG Kerk met mag en mening te vestig in 'n ontnugterende wêreld.

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgeenheid vir 4. Veilige parking. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

**BLOEMFONTEIN
@HOME**

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of
083 235 3000.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, 084 400 2693. hanlidevilliers@webmail.co.za

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenheid volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuise, woonstelle en kothuise te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

**FICKSBURG
NEBO MOUNTAIN LODGE**
in mooi Oos-Vrystaat.
Kom geniet die plaas se
rustigheid in ruim en suite-
chalets. Plaaskombuis
beskikbaar vir etes.
Riette 083 766 5552.

**REEBOK/TERGNIET
(MOSELBAAI)**

2 slaapkamerwoonstel
(slaap 4) aan huis.
Volledig toegerus. Baie
netjies. Private tuin,
onderdakbraaigeriewe. Dwars
deur die jaar beskikbaar.
Geen troeteldiere. Skakel
083 651 4517.

ST LUCIA: Bly twee dae in ruil vir R750 pd en kry 'n derde dag gratis. Ten volle toegeruste selfsorgmeenthuis met DSTV en WiFi in veiligheidskompleks. 3 slaapkamers, slaap 6, 2 badkamers. Jammer geen troeteldiere. Aanbod geld tot 1 November 2020. Sel 035 590 1098, wetlands@iafrica.com

UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

Die volgende Kerkbode verskyn op 18 September 2020.



Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familiegevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weklíks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontempêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn en dr Herman Nienaber**
Facebook: **Kerk in die Stad.**
Webblad: **www.perthunitingchurch.com.au**
E-pos: **hannesh@ucic.org.au** en **hermann@ucic.org.au**



**Om te adverteer in Kerkbode, kontak Hanlie Raath:
Sel: 072 357 8914.
E-pos: woes@mweb.co.za**

LICORNA BEACH
UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS
Luukse seefront-vakansiewoonstelle.
Slegs 20 km noord van Durban.

- ♦ Volledig toegerus
- ♦ Satelliet-TV
- ♦ Wassery
- ♦ Lugreëling
- ♦ Diens
- ♦ Swembad

SENIOR BURGERS: "Geen trappe van woonstel na strand"

Besprekings: Tel: 031 561 2344, faks: 031 561 2974

Lagoonrylaan 82, Posbus 554, Umhlanga 4320

E-pos: licorna@intekom.co.za

Webwerf: <http://www.licorna.co.za>

NG GEMEENTE ORANJEVALLEI
Noord Kaap**TERMYN BEPAALDE LERAARSPOS**

Die huidige leraar het reeds die ouderdom van 65 jaar bereik en stel die gemeente daarom bekend dat ons vir minstens die volgende drie jaar 'n bepaalde termyn pos wil skep en leraars nou om aansoek te doen.

Gemeenteprofiel:

- Oranjevallei is 'n plattelandse nedersetting langs die Oranjerivier 15 km wes van Upington in die Noord-Kaap.
- Die gemeente bedien 'n meestal boerderygemeenskap met ses wyke waarvan een in Upington is.
- Ons het 230 belydende en 66 dooplidmate wat in die gemeente kategetiese ontvang.
- Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 45 jaar.
- Ons is 'n geloofs familie wat deur God geroep is om verhoudingsgerig te leef en sodoende ook 'n verskil te maak in die samelewing en breër gemeenskap.
- Ons fokus in die erediens daarop om die Woord met 'n tradisionele benadering te bedien.
- Die visie van die gemeente is: "Deur God geroep tot die wêreld".

Leraarsprofiel:

Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op 'n beroep:

- 'n Dinamiese, Woordgetroue leraar/proponent van die NG Kerk.
- Moet 'n passie hê vir sy/haar beroep en 'n gevoelige hart vir alle ouderdomsgroepe.
- Beslis aktief betrokke wees by die jeug asook bejaardes.
- Meelewing met aktiwiteite van die gemeentelede.
- Sigbaar wees binne die gemeente.
- Moet in beide tradisionele en gesinsdienste die Woord verkondig met innoverende denke, maar steeds met respek vir tradisies.
- Moet kan leiding gee en ook bereid wees om deel van 'n bestuurspan te wees.
- Moet maklik kan kommunikeer, buitekerklike kan identifiseer, hulle laat welkom voel en aanmoedig om deel van die gemeente te wees.
- Gemaklik wees met tuis besoeke en persoonlike kontak met lidmate en twee keer per jaar by elke huis besoek doen.
- Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander leraars binne die bedieningsraamwerk van die gemeenskap.

Vergoedingspakket:

- Hierdie pos is vir 'n jaartermyn.
- Indien dit tot voordeel van die gemeente en leraar strek, en binne die vermoë van die gemeente is, kan die termyn verleng word.
- Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal as riglyn en ander voordele en riglyne as basis.
- 'n Ruim pastorie is beskikbaar naby die kerkterrein.

Aansoek:

- E-pos volledige opgedateerde CV met minstens drie referente na die kerkkantoor: ngkoranjevallei@gmail.com
- Kandidate wat die kortlys haal sal gekontak word. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en ook moontlik vir die waarneem van 'n preekbeurt in die gemeente.
- Sluitingsdatum: Al is ons tans in 'n grendeltyd agv Covid-19, stel ons die sluitingsdatum **11 September 2020**.
- Diensaanvaarding: 1 Desember 2020 of so spoedig moontlik in 2021.

Navrae:

- Louwrens Serfontein (voorsitter Finans) – 082 921 9213; Melize Swart (skriba) – 081 349 2516; Christine Lintvelt (tesourier) – 082 678 7585.
- Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n beroep uit te bring nie en om name op tradisionele wyse toe te voeg tot die groslys.

